

STADSRAAD VAN PRETORIA

REDAKTEUR: SCHALK LE ROUX

PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA VOLUME DRIE



Kopiereg © 1993

Eerste uitgawe, eerste druk 1993
Gedruk en gebind deur Stadsraad van Pretoria

Samerstelling en versorging

Schalk le Roux en Nico Botes
Schalk le Roux Uys Kruger Argitekte

Foto's

Nico Botes

Foto's, ontwikkeling en druk

Detlef Basel

Historiese foto's

Fototeek, Stadsraad van Pretoria

Omslagontwerp

Nico Botes, na 'n tekening van Gerrit Jordaan

ISBN 0-620-17387-4



schalk le roux uys kruger argitekte bk.

PRETORIA
EERSTESTRAAT 7
MENLOPARK
PRETORIA 0102
POSBUS 35853
TEL (012) 342-1015

BOKSBURG
IVH-SENTRUM
LEEUPPOORTST 142
BOKSBURG 1460
POSBUS 543
TEL (011) 52-7891

JEFFREYSBAAI
TORINGEHOF SUITE 5
GOEDEHOOPSTRAAT
JEFFREYSBAAI 6330
POSBUS 1538
TEL (0423) 93-1456

PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA

'n OORSIG VAN HULLE ARGITEKTONIESE EN STEDELIKE BELANG

VOLUME DRIE DIE SUIDWESTLIKE KWADRANT

Schalk le Roux
Redakteur

en

Nico Botes

Gepubliseer en gedruk deur die Stadsraad van Pretoria
Februarie 1993

1 VOORWOORD

Pretoria beskik oor 'n besondere rykdom aan kukuurskatte, waarvan 'n onnodige aantal onder- of selfs onbenut lê. Daar bestaan tans onvoldoende skakeling en samewerking tussen die verskillende rolspelers op die kultuurbewaringsterrein in Pretoria. Hierdie tendens lei daartoe dat waardevolle kukuurbesit voortdurend ten gronde gaan of nie benut word nie en dat die omgewingskwaliteit van die stad afneem.

Die Stadsraad van Pretoria se behoefte aan 'n strategie en bestuursplan vir bewaring in die stad en omgewing bestaan alreeds lank en is die raad se komitee vir kultuurontwikkeling nou gemoeid met die ontwikkeling van die strategie en bestuursplan vir kultuurhulpbronbestuur.

'n Volledige opname van Groter Pretoria se kultuurhulpbronne is reeds deur die Komitee vir Kultuurontwikkeling opgestel. Die dokument met titel *Plekke en Geboue van Pretoria* wat nou verskyn, vorm soos die reeds verskene twee volumes, deel van die kultuurinventaris van Pretoria. Die wens word uitgespreek dat die plekke en geboue, soos opgeteken, sal spreek tot die inwoners en besoekers aan Pretoria.

RAADSLID LOUIS CLOETE

Voorsitter: Komitee van Kultuurontwikkeling
Stadsraad van Pretoria
16 Februarie 1993

2 INHOUD

1. Voorwoord.....	i
2. Inhoud.....	ii
3. Inleiding.....	iii
3.1. Verantwoording.....	iii
3.2. Bewaring en kwaliteit.....	v
3.3. Aanbevelings.....	v
3.4. Bedankings.....	vi
4. Suidwestelike kwadrant.....	1
4.1. Kerkstraat.....	5
4.2. Pretoriusstraat.....	8
4.3. Schoemanstraat.....	14
4.4. Skinnerstraat.....	17
4.5. Visagiestraat.....	20
4.6. Minaarstraat.....	24
4.7. Jacob Maréstraat.....	25
4.8. Scheidingstraa.....	27
4.9. Paul Krugerstraat.....	30
4.10. Volkstemlaan.....	36
4.11. Bosmanstraat.....	37
4.12. Schubartstraat.....	41
4.13. Potgieterstraat.....	42
4.14. Skinnerlaan, Hoopstraat en Christinastraa.....	43
4.15. Prinseparklaan.....	44
5. Lyste van waardevolle elemente.....	45
5.1. Pretoria, 'n oorsig.....	45
5.2. Die suidoostelike kwadrant.....	50
5.3. Die noordoostelike kwadrant.....	55
5.4. Die noordwestelike kwadrant.....	57
5.5. Die suidwestelike kwadrant.....	59
5.6. Lys van plekke en geboue wat vir statutêre beskerming oorweeg kan word.....	61
6. Essays.....	63
6.1. Pretoria: Suidwestelike kwadrant-Gerrit Jordaan.....	63
6.2. Pretoria se wonde uit die 'Totale Aanslag'-Mauritz Naudé.....	65
7. Geraadpleegde bronne.....	68

3 INLEIDING

Met hierdie studie word die taak wat die Pretoriase Argitektuurvereniging homself in 1984 opgesaal het, voltooi. Met en na die publikasie van die eerste volume in 1990 het die Stadsraad van Pretoria die poging met woord, daad en sak begin ondersteun. Deur hulle optrede kon die proses verhaas word en in 1991 is die tweede lys vir die noordelike gedeelte van die middestad reeds deur hulle gepubliseer. In 1992 is die eerste lys herdruk.

Hierdie studie bestaan uit twee dele. In die eerste word die plekke en geboue van belang in die Suidwestelike kwadrant gelys en beskryf. In die tweede word die plekke wat as belangrike elemente in die stadsweefsel beskou word aangedui. Dit is 'n samevatting van die beslissings uit die drie studies wat beteken dat slegs hierdie dokument aan die wyer belangstellende organisasies en publiek beskikbaar gestel hoef te word.

3.1 Verantwoording


Vanaf die begin is die noodsaaklikheid dat die bevindinge van die lystingspoging deur middel van historiese ondersoek verdiep behoort te word, benadruk. Dit sal nou gedoen word deur dr G-M van der Waal van die RGN wat as mede-konsultant aangestel is. Die beslissing van hierdie verslag sal gevolglik aan beide die Stadsraad en die RGN voorgelê word- aan eersgenoemde om as tussentydse hulpmiddel te dien, en aan die historiese konsultant om die onderbou te help voltooi. Die reeds bestaande lys sal deur dieselfde proses gevoer word.






Tot tyd en wyl 'n uitgemaakte inventaris of register vir die waardevolle plekke van die stad voltooi en aanvaar is, behoort hierdie studie, met al sy gebreke en onsekerhede, as hulpbron by beslissings oor die wysiging van die stadsweefsel te dien. Daar bestaan tans geen ander nie. Dit is nodig om die benadering en gebreke duidelik te stel, en gedeeltes van die inleiding uit die vorige volume te herhaal. Met die aanvaarding van die opdrag is die Stadsraad daarop gewys dat die uitgangspunt stedelik an srgitektonies sal wees; dit behels aspekte van betekenisbepaling van plek waar die navorsers hulleself tuis en bevoeg voel om besluite te kan neem. Nóg die tyd, nóg die begroting maak dit moontlik om vaste beslissings oor die historiese, kulturele en maatskaplike kriteria te neem.

Oor die algemeen is daar 'n tekort aan inligting rakend die minder indrukwekkende geboue en oop ruimtes, dit in teenstelling met die vele, dikwels herhaalende, beskrywings en geskiedenis van die prominente landmerke ('n tendense op oordeel en kulturele persepsie beseer). Binne die beperkings van begroting en tyd, is dit nie gerade ge-ag om lakunes in die kennis deur deeglike ondersoeking van titelaktes en stadsrekords te vul nie. Hierdie aanvegbare, maar volgens ons noodsaaklike, besluit het tot gevolg dat die visueel waarneembare voorkeur geniet, terwyl die ewe belangrike ander kriteria nie altyd hulle regmatige plek gegun word nie. Hierdie benadering is nie doelbewus eksklusief nie, maar pragmaties en realisties. Waar ander kriteria ondersteun kan word speel hulle wel belangrike rolle.

Een van die grootste gevare is dat hierdie studie en sy oordele as die finale woord oor die belang van Pretoria se geboue en plekke beskou sal word. Hierdie is 'n nodige begin, maar kan as niks anders beskou word nie. Dit is 'n werklys, 'n voorraadopname van die bestaande wat die toekoms mag help rig. Dit is die beginpunt vir bewaringsstudies, bewaringsaksies en -strategieë. Dit bevat die elemente wat ons glo die werklike en latente kwaliteit van die middestad *help* bepaal.

Hierdie is 'n werklys tot 'n debat. Dit is noodsaaklik dat almal wat omgee of voorgee dat hulle omgee en 'n bydrae te make het, die lys onder oë moet kry, dit deeglik moet deurwerk, tot die inligting hierin moet bydra of wegneem, die metode en besluite sal kritiseer met die doel om uiteindelik 'n verantwoorde lys daar te stel wat Pretoria se verlede en toekoms waardig sal wees. Die begin is eenvoudige en sonder finale aanspraak. Die eindproduk behoort 'n volledige Register te wees, waarvoor Raad, bewaarder, inwoner en ontwikkelaar sal kan saamstem en wat tot voordeel van die stadsomgewing aangewend sal kan word. In die veranderende bestel wat wêreldwyd aan die ontwikkel is en waar gesag en beslissings vanaf die nasionale na die plaaslike afwentel, is dit nie meer moontlik om op 'n enkele sentrale bewaringsinstelling soos die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede peil te trek om ons kulturele omgewing te verwoord en te beskerm nie. Dit het elkeen se plig geword en daar is geen organisasie waaragter geskuil kan word of wat as sondebok vir die verlies of verlore kanse gebrandmerk sal kan word nie. Die Stadsraad neem in hierdie opsig reeds die leiding met hul betrokkenheid.



- 
 LE ROUX, S.W. 1990. *Plekke en geboue van Pretoria, Vol 1.*
 Pretoria: PAV.
- 
 LE ROUX, S.W. 1991. *Plekke en geboue van Pretoria, Vol 2.*
 Pretoria: Stadsraad van Pretoria.
- 
 SCHALK LE ROUX UYS KRUGER ARGITEKTE. 1990. *Plekke en geboue van belang in die voorstad Trevenna/Arcadia.* Verslag aan Stadsraad van Pretoria.
- 
 SCHALK LE ROUX UYS KRUGER ARGITEKTE. 1990. *Marabastad of die Asiatiese Basaar.*
 Verslag vir die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.
- 
 Die suidwestelike kwadrant vervat in hierdie verslag

FIGUUR 3.1 Grense van die studiegebied, asook ander studies van belang vir die middestad

3.2 Bewaring en kwaliteit

Bewaring is dikwels gedefinieer. Vandag is die mees aanvaarbare definisie moontlik dat dit die beheer van die pas en kwaliteit van verandering in die omgewing ten doel het. Op stedelike skaal beteken dit 'n strewe na die bepaling, die verstewiging en die uitbouing van die karakter van die geheel. Hierdie impliseer eerstens dat die stad deeglik en intiem geken moet word deur hulle wat oor bewaring of kwaliteit besorgd is en besluite daarvoor moet neem. Vandag, soos gestel, beteken dit die inwoners self. Dit impliseer verder dat die studieveld die omgewing en nie slegs 'n klomp uitgesoekte elemente daarbinne nie. Dit impliseer dat ons met gepaarde kennis en kunde sal probeer om die kwaliteit van die omgewing te stel sodat die elemente wat daartoe bydrae, geïdentifiseer kan staan en daar oor hulle toekoms, eerder as hulle verlede, besluit kan word. Dit impliseer dat besluite geneem sal moet word.

Die grootste probleem bly om kwaliteit vas te pen en neer te pen. Hoe moet en kan dit gedoen word? Wat is kwaliteit? Watter plekke kan op spesiale karakter aanspraak maak of meehelp om spesiale karakter of plekgees te skep? Watter plekke verduidelik die mens se begrip vir sy natuurlike omgewing en sy kulturele optrede daarbinne, verduidelik sy veranderende siening van die gemeenskap, die klimaat, die terrein, die ekonomie, die wêreldsiening? Wat is die faktore wat een omgewing anders as 'n ander maak, wat Pretoria as Pretoria daarstel? Watter plekke verduidelik fondament en voorspel bowebou? En hoe doen hulle dit?

Oor antwoorde op hierdie vrae sal die meeste mense en veral bewaarders verskil. Dit beteken nie dat elkeen, weggekeer van die ander, sy eie uitgangspunte moet troetel nie, maar juis dat almal die probleem moet aanvat om deur debat na begrip, indien nie oplossing, te beweeg. Wanneer die historiese studie voltooi is, en met insette wat hopelik deur die publikasie van hierdie lys gestimuleer sal word, sal 'n oorsigtelike beskrywing van die stad, sy karakter en die waarde van gelyste – as individuele kleinnode, maar ook binne die wyer konteks van die stadsbeeld en landskap – makliker gedoen kan word. Na aanleiding van ons eie siening en aanbevelings in hierdie verband, is dit op die oomblik onwys en aanmatigend om die resultate vooruit te loop.

Hierdie lys is hopelik net die begin van die noodsaaklike en tot dusver afgeskepte gesprekvoering om die omgewing. Dit sal mense wat antwoorde en finale evaluering najaag, en oortuig is dat dit deur een of twee kundiges gemaak kan word frustreer, maar ook hulle hopelik by die soeke betrek.

Indien die lys minstens as katalisator vir hierdie aksie dien, sou dit grootliks geslaag het en is die Stadsraad se poging om voorkennis van die kwaliteite van die stad by beplanning trag te verweef, reeds op pad na sukses.

3.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak. Dit moet gelees word saam met die inligting en evaluering wat in die tweede deel van die van die studie gemaak word.

- 3.3.1 Daar word aanbeveel dat hierdie publikasie onmiddellik aan soveel moontlik bewaarders, bewaringsorganisasies, en belangstellendes beskikbaar gestel moet word.
- 3.3.2 Daar word aanbeveel dat die individue en organisasies genooi word om insette te maak – deur kritiek op die lys, die metode en uitgangspunt – om toekomstige studies te help verbeter.
- 3.3.3 Daar word aanbeveel dat afskrifte van Volumes 2 en 3 aan Stadsbiblioteke beskikbaar gestel word om die publiek van die poging en die inhoud daarvan bewus te maak.
- 3.3.4 Daar word aanbeveel dat afskrifte by Pretoria se museums teen kosprys te koop aangebied word.
- 3.3.5 Daar word aanbeveel dat die Raad, waar in die verslag voorgestel, fotografiese dokumentasie maak of laat maak.
- 3.3.6 Daar word aanbeveel dat die Raad alle plekke in hierdie lys fotografiese sal dokumenteer of laat dokumenteer (deur die sloper of ontwikkelaar self), alvorens hulle gesloop sou word.

- 3.3.7 Daar word aanbeveel dat die inligting in die Raad se fototeek opgeneem word.
- 3.3.8 Daar word aanbeveel dat die Stadsraad 'n strategie en meganisme ontwikkel om enige aansoek tot veranderings van gelyste plekke met spoed te kan afhandel.
- 3.3.9 Daar word aanbeveel dat die Raad, as tussentydse stap, alle verhoë om plekke wat in die lys opgeneem is, te sloop of drasties te verander, na bewaringsorganisasies vir kommentaar verwys.
- 3.3.10 Daar word aanbeveel dat die lystingspoging uiteindelik die hele stad sal insluit.
- 3.3.11 Daar word aanbeveel dat die plekke wat as waardevol geëvalueer is, spesiale aandag moet kry tot tyd en wyl vaste beslissings oor hulle toekoms geneem is. Die dokumentering van die bestaande moet 'n minimum vereiste by veranderings wees.
- 3.3.12 Daar word aanbeveel dat 'n Register van plekke wat aan statutêre vereistes onderworpe sal wees, die eindresultaat van hierdie lystingspoging sal wees.
- 3.3.13 Daar word aanbeveel dat spesifieke aandag aan die waarde en potensiaal van die heuwelrûe, die spruitwande, die toegange en Bereapark gegee word.
- 3.3.14 Daar word aanbeveel dat Burgerspark, soos in Volume 1 voorgestel, oor die omringende strate en langs die kort dele van Minaarstraat – oos en wes daarvan – uitgebrei word.
- 3.3.15 Daar word aanbeveel dat die bewaringswaardige plekke op die kultuurkaart aangebring word, al sou van hulle weglê vanaf die bestaande roetes.

3.4 Bedankings

Vele mense was by die samestelling van hierdie lys betrokke. Aan almal ons opregte dank. Spesiale dank aan mnr H de Wet, L Goldstein en D Esterhuysen van die Stadsraad van Pretoria, die personeel van die Departement Argitektuur (UP), Gerrit Jordaan en Mauritz Naudé asook die persone en firmas wat individueel in die bibliografie genoem word.

S W LE ROUX

Pretoria

15 Februarie 1993


4 SUIDWESTELIKE KWADRANT

Die grense van die suidwestelike kwadrant van die middestad is vir die doel van hierdie studie as volg gedefinieer: Kerkstraat in die noorde vanaf Bosmanstraat tot Steenovenspruit, wat die wesgrens vorm; in die suide die spoorlyn en Paul Krugerstraat in die ooste. Die bewaringsgebied om Kerkplein is reeds in volume een (Le Roux, 1990) vervat.


Hierdie lys volg die straatuitleg van die kwadrant, met Kerkstraat eerste en daarna parallel strate van noord na suid: Pretoriusstraat, Schoemanstraat, Skinnerstraat tot by Scheidingstraat. Paul Krugerstraat en strate parallel daaraan volg vanaf die ooste tot by Prinseparklaan in die weste. Algemene straatindrukke volg die logiese vloei van die straat - byvoorbeeld die verkeersrigting van 'n eenrigtingstraat. 'n Lys van belangwekkende geboue langs die straat volg in die rigtings weg vanaf Kerkplein.

Die straatadres en erfnummer word aangevul deur 'n bloknommer wat dien as verdere verwysing (kyk figuur 4.1). Hierdie verwysing is aanvanklik gebruik vir die suidoostelike kwadrant (Le Roux, 1990), maar word sedertdien gegee om kaartverwysing te vergemaklik. Die huidige gebruik en naam van die gebou word gegee en gevolg deur 'n kort beskrywing van die gebou. Hierdie studie poog nie om 'n volledige historiese oorsig te gee nie en waar die laaste paragrafe van 'n beskrywing die belang van die gebou uitwys word enkele historiese gegewens soms ingesluit waar dit toepassing het op die insluiting in die lys. Hoekgeboue word in beide strate genoem met die volledige inskrywing teen die straat waar die ingang en/of amptelike straatadres gegee is.


'n Lys van waardevolle elemente in die kwadrant word ingesluit. Dit is gemaak uit die bestudeerde plekke en is na ons mening van belang waar hulle kan meehelp om die toekomstige kwaliteit van die stadsdeel te rig. Hierdie lys is geensins 'n finale oordeel oor hulle belang nie, maar poog om tentatief uit te wys watter elemente van die stadsweefsel op sigwaarde uitstaan en in werklikheid verdere studie regverdig.



FIGUUR 4.1 Bloknommer vir die suidwestelike kwadrant (kyk na erfnommer by elke inskrywing)



FIGUUR 4.2 Die suidwestelike kwadrant: arseerde dele dui op inskrywings in hierdie lys



FIGUUR 4.3 Die suidwestelike kwadrant met erfnummers (Kaart: Stadsraad van Pretoria)

4.1 KERKSTRAAT



Aan die westekant van die middestad pyl Kerkstraat tot by Attridgeville. Voor Bosmanstraat word 'n definitiewe ruimte afgebaken wat 'n stewige poort tot die plein maak, met die Provinsiale Gebou effe teruggesit van die algemene geboulyn en bome in die tussenruimte. Langs die res van die straat het bome mettertyd plek gemaak vir harde sypaadjies wet meestal onbedek is.

Wes van Bosmanstraat breek die straatplek oop en op binne 'n warkonteks van geboue en plekke van allerhande groottes, tydperke, style, kwaliteit en toestand. Hoewel heelwat van die ouer en kleiner kommersiële geboue langs die straat oorleef en 'n spesifieke tydperk in die stad en straat se gebougeskiedenis bewaar, het die verband tussen die geboue, as gevolg van sporadiese groter geboue en oop plekke tussien, tot niet gegaan. Wat oorbly is eerder landmerke soos die Krugerkerk. Wes van Schubartstraat is geboue oorgroei met advertensies wat, sonder om te rig of in te lig, so skreeuend met mekaar meeding dat al indruk wat oorbly een van kleur is.

Die toetrede oor die Steenovenspruit, waar die middestad se straatnummers ook begin, is moontlik die swakgedefinieerde en onaangenaamste van die ingange na die middestad. Die belangrikheid van boomlanings langs strate in die ontwikkelende gebiede van die stad, waar geen duidelike rigting vir die toekoms bestaan nie, word ook deeglik in Kerkstraat-wes na vore gebring.



ADRES Kerkstraat 149 – 143. h/v Bosman, asook
Bosmanstraat 211
ERFNOMMER 362/1 & 362/6 – Blok 1
HUIDIGE GEBRUIK Kommersiële

Enkelverdieping winkels met leunverandas op voorafvervaardigde kolomme, buiten die afgeskuinsde hoek waar pilare en S-profiel plaatmetaaldak. Twee geboue heel wes op 362/6 huisves elk twee winkels onder teëldakke, geskei deur brandmure. Buitemure is geverf en beskilder en die geboue is binne en buite verander sonder dat die massa en vorm ingeboet is.

Die groep het as sulks waarde, maar het ook verband met groepe soortgelyke geboue verder wes in die straat. Tipologies van belang as enkelverdieping veranda-winkels.

ADRES Kerkstraat 76
ERFNOMMER 2719 – Blok 2
HUIDIGE GEBRUIK Kantore: Presidentgebou



'n Vyfverdiepinggebou van rooi siersteen met pleisterstroke. Die Kerkstraatfasade, met kantelblad oor die sypaadjie, is drieledig simmetries om die middel verdeel. Dit word geaksentueer deur die vlagpaalstutte, letterwerk en die projeksie van die middelste indeling, waar staalraamvensters met gepleisterde argitraaframe. Op die teruggesette kantindeling is horisontale vensterbande onder kantelblaai, soos ook op die wesfasade voorkom. Vertikale pleisterstroke op die westekant, waar nog vlagpaalstutte en 'n geligte borswering. Die gebou rig na die noorde en weste, met 'n toe oostekant na 'n oop terrein.

Die argitek was FL Dreyer. Die gebou se planne is laat in 1950

goedgekeur en vir £76 000 deur die Gereformeerde Kerk Pretoria op die terrein van die ou pastorie opgerig. Daar is tydens konstruksie in 1951 besluit om 'n die boonste verdieping by te voeg. Dit behoort nou aan die staat. In ordening en aanwending van dekorasie is dit 'n pragmatiese Art Deco-gebou, hoewel dit tydens die bloeitydperk van Modernisme in Pretoria opgerig is. Die kontekstuele bydrae is tot die straatwand, waar dit ongelukkig in isolasie staan. Die gebou se ekonomiese waarde lê in die grootte en goeie toestand daarvan. Bron: A Erasmus, Gereformeerde Kerk Pretoria; Planafdeling Stadsraad van Pretoria.



ADRES	Kerkstraat 69
ERFNOMMER	3220 – Blok 2
HUIDIGE GEBRUIK	Kerk: Gereformeerde Kerk Pretoria

'n Losstaande kerkgebou van siersteen op 'n klipmt, met horisontale bande en insette en getande hoeke van sandsteen. Die gebou is sentraal om die kerkrum beplan, met die vierkantige toring, lantern en spitsdak aan die noordekant, die konsistorie en moederskamer suid en portale oos en wes. Ronde trapportale onder platdakke projekteer uit die noordoostelike en noordwestelike hoeke. Gekroonde platspitsgewels met sierbella en geartikuleerde siersteen; sinkdak met dakventilators. Romaanse boogvensters en reghoekige, teruggesette houtraamvensters met loodglas. Die toringhorlosie is sonder wysers.

Die Paul Krugersaal, direk suid van die kerk, is van siersteen. Soldaatlae in die steenwerk vorm horisontale bande en kroonlyste. Deure en vensters van hout, en 'n reflekerende glasfasade word na die kerkgebou gekeer.

Die kerkgebou is in 1979 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en is in 'n goeie toestand na etlike restourasies. Dit is van kultuurhistoriese belang vanweë die verband met Paul Kruger en van argitektoniese waarde as een van die kerkgeboue wat deur Kruger se Hollanders gebou is. Volgens die hoeksteen is dit tussen 1896 en 1897 na die ontwerp van K van Rysse deur Daanen & Dorlas Aannemers opgerig. Die styl is, soos dié van die Bosmanstraat- en Du Toitstraatkerke, 'n vereenvoudigde en aangepaste "Vlaamsche Renaissance", met invloede van Art Nouveau en die Laat Victoriaanse style veral sigbaar in die toringspits. Pretensie tot Gotiese vertikaliteit en Neo-Klassisistiese formaliteit kom voor.



Die Paul Krugersaal wat in 1955 op die terrein suidwes van die kerk opgerig is, is in 1983 vervang deur 'n nuwe kerksaal agter die kerk. Die argitekte Moerdyk, Holzapfel en Slabbert (nou Indusplan) slaag daarin om die gebou visueel te skakel met die ouer gebou en om laasgenoemde te beklemtoon. Dit vorm 'n eenheid met die kerkgebou, is onbeskaamd eietyds en vermy die slaggate van pastiche-bou en niksseggende kontekstualisme. Die waarde van die saal is argitektonies en akademies. Die buiteruimtes tussen die geboue en teen Kerkstraat dra veel by tot die formaliteit van die kompleks. Dit is 'n landmerk in Kerkstraat. Bron: Indusplan, argitekte; Meiring (1980); Picton-Seymour (1989); UP Dokumentasie.

ADRES	Kerkstraat 37 – 43
ERFNOMMER	Deel van 3321 – Blok 3
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel



Twee enkelwinkels (43, 41) en een skakelwinkel (39, 37). almal enkelverdieping, agter verandas oor die sygaardjie. Die oostelike gebou (43) is eenvoudig hoekig met kantelblad en teruggesette winkel deur. Kerkstraat 41 met voorafvervaardigde kolomme teen Kerkstraat en teruggesette ingang. Diep voë is aangebring op die pleisterwerk; platspitsgewel met nis en vals sluitsteen waarbo swaar kroonluis uitstaan. Tentdak agter die gewel van sink. Die skakelwinkel het twee halsgewels met vrygeronde kopstukke en 'n veranda op gietysterkolomme met blomkelkstutte in die vereenvoudige Art Nouveau-styl. By Kerkstraat 39 is die oorspronklike fenestrasie behou.

Van tipologiese en historiese waarde. Kerkstraat 43 het strenggesproke nie eie waarde nie, maar word verhef deur die groepsbelang en straatwand. Veral 39 en 37 verdien aandag en is van belang vanweë die oorspronklike toebehore en dekorasie. Dit vorm in geheel deel van 'n losverspreide winkelgroep van soortgelyke waarde langs Kerkstraat.

ADRES	Kerkstraat 3, h/v Prince's Parklaan
ERFNOMMER	345 – Blok 3
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: AVBOB-gebou



'n Vleuel van vier verdiepings teen Kerkstraat met, vanaf die hoek suidwaarts, ses verdiepings. Dit staan vol op die straathoek, met 'n kantelblad oor die sygaardjie waarbo 'n uitgebreide terrazzo argitraafraam-indeling om vensters en siersteen paneelwerk. Sonbeskerming – horisontaal en op die westekant ook vertikaal – vorm deel van dié ruitindeling. Die grondvloer, met granietbekleding, dien as plint en is vir kommersiële gebruik ingerig met verchromde vensterrame, plek-plek saam met hout vir oopmaakseksies. 'n Portaal met oop trap is vanaf die westelike sygaardjie gelig.

Die geboue op die terrein is verskeie kere opgradeer en verander. Burg Lodge en Burg ontwerp in 1956 die gebou en raamwerk soos dit tans daaruitsien. Kleiner veranderings aan die suidevleuel volg in 1969 en die vyfde- en sesde verdiepings is in 1982 bygevoeg na die ontwerp van Moolman Van der Walt Vlok en Van der Westhuizen (nou MV3), argitekte.

Die gebou toon sterk invloede van Suid-Amerikaanse Modernisme met die kenmerke van die plaaslike weergawe, hoewel minder pretensieus en kleiner as die Ontvanger van Inkomstegebou of die Vleisraadgebou. Dit is in goeie gebruikstoestand en het naas die stilistiese kenmerke belang weens die bydrae wat dit maak tot die straatdefinisie. Die gebou is 'n plaaslike landmerk vanweë die prominente plasing op die sigroete en ingang vanaf die weste. Bron: Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

4.2 PRETORIUSSTRAAT



Pretoriusstraat is een van die drie strate wat dwarsdeur die stad loop en is ook een van die besigste. Dit voer verkeer na die weste en is in vele opsigte 'n spieëlbeeld van Schoemanstraat wat verkeer na die ooste lei.

Die diep vallei van geboue, geskep deur argitektonies-stedelike beginsels en vasgelê in die destyds modernistiese stadsbeplanningsregulasies, begin reeds by Prinsloostraat en loop deur tot by Bosmanstraat. Wes hiervan breek die streng geperkte straatruim tussen die Magistraatshof en die gebou van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing op en neem plataanbome die ruimtemakende rol van die geboue oor.

By Prinseparklaan eindig die straat skielik en onverwags.

Die straatnaam gedenk beide generaal Andries Pretorius wat die Voortrekkers by Bloedrivier gelei het en sy seun Marthinus Wessel Pretorius, president van die ZAR (1857-1860 & 1864-1871) en die OVS (1859-1863). Pretoria, wat in 1855 deur MW Pretorius op sy plaas gestig is, is na sy vader vernoem. Bron: Andrews & Ploeger (1989); De Kock (1968).



Die kwadrant vanaf die suidwestelike hoek van Kerkplein teen c1891. 'n Deel van Pretoriusstraat loop tussen die Raadsaal (links) en die ou Magistraatskantoor op die hoek van Bosmanstraat

ADRES Pretoriusstraat 179
 ERFNOMMER 2718 – Blok 4
 HUIDIGE GEBRUIK Kommersiële en kantore: Van der Stelgebou



Drie oos-wes vleuels om binnehowe verbind, met simmetriese fasade om sentrale ingang na Parlementstraat gerig. Agt verdiepings, met sentrale traveë een verdieping hoër; op grondvlak is winkels agter 'n kantelblad veranda. Die Pretoriusstraatfasade is simmetries om die middel en verdeel in vyftien traveë. Die sentrale sewe vorm 'n swaar lys waarop vlagpale gestut word. Weerskante daarvan is vlakke met voegartikulasie en 'n kleiner kantravestie. Staalraamvensters in siersteen- en beklede mure.

Die argitekte was Burg Lodge en Burg en die planne is in 1951 goedgekeur. 'n Suidevleuel is in 1952 gedurende konstruksie bygevoeg.

'n Prominente gebou wat deel uitmaak van die Pretoriusstraat gebouewand. Kontekstueel van belang waar dit een van die "jonger geslag"-geboue teen Kerkplein is wat hom klaarblyklik aan die ruimtelike ordening daarvan steur. Die simmetrie, vertrapte vlakke om die middel en elemente soos die vlagpale is kenmerkend van Art Deco en herinner sterk aan die Deco-hoogbou van die jare twintig in Kaapstad. Hierdie voorkoms is egter misleidend omdat dit beperk is tot die Pretoriusstraatkant – daaragter is dit 'n funksionele gebou wat in gees eerder nugtere Modernisme najaag. Dit lewer 'n kommersiële bydrae en is in 'n goeie, hoewel nie oorspronklike, toestand. Bron: Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

ADRES Pretoriusstraat 171, h/v Volkstemlaan
 ERFNOMMER 457/R – Blok 4
 HUIDIGE GEBRUIK Museum en kantore: Suid-Afrikaanse Polisie (Compolgebou)



Blokvormige gebou van vier verdiepings met binneplaas. Simmetriese, artikuleerde straataansig met gepleisterde baksteen en rooi siersteenpanele, met symure gepleister maar ongeverf, beide op 'n sandsteenplint. Geprofileerde sierreliëfwerk in pleister en sandsteen, soos pilasters van verskillende historiese en ahatoriese ordes, vensterbanke en -wande, lyswerk en vals voë. Gietyster ventilasieroosters buite en binne; dakventilators (rond op noordelike aansig, driehoekig op sykante). Die straatkantmure is hoër as dié van die syvleuels, met leiklipsteëls op die verhewe standak, terwyl die vleuels bedek is met 'n standak van geverfde golfplaat.

Die binnemure is meestal gepleisterde baksteen, maar enkele houtafskortings kom voor. Hoofsaaklik persstaalplafonne en beton lasgewelwe in kluiskamers; parketvloere met inlegwerk in room, bruin en blou, houtvloere en beton bedek met teëls en mat. Gietysterkolomme in kluiskamers, gietysterkaggels in sier houtrame geplaas teen skoorsteenskagte op elke vloer. Sentrale trapsgang van hout met geprofileerde handreling en balustrade; brandtrap in binnehof van gietysterelemente met Victoriaanse steunarms en roosterpatroon loopvlakke.

Die hoogs eklektiese gebou is opgerig deur die Publieke Werken Departement en Wierda. Dit dateer van c1890. Hierdie gebou, hoewel meer rasioneel en funksioneel, toon duidelike kenmerke van die PWD se mees geliefde details en uitgangspunte (soos ook langs Kerkplein). Victoriaanse, neo-klassisistiese en koloniale invloede is

vermeng om uitdrukking te vind op die fasade na Pretoriusstraat. Die uitgangspunt is hoofstedelik en daar is talle vewysings na die Paryse voorbeelde. Die suidelike vleuel is 'n latere aanbouing, hoewel gepoog is om 'n homogene geheel te skep deur kopiëring van detail. Om die huidige funksie te akkommodeer word talle kenmerke van die interieur versteek (van die kaggels is toegebou), maar die grootste deel van die gebou is in 'n redelike toestand en is as geheel herstelbaar. Daar is reeds sprake van restourasie.

Die gebou is 'n landmerk, 'n argitektoniese sowel as 'n kulturele meesterstuk, is naasliggend aan die gebied beskerm deur die Kerkpleinwet en behoort ten alle koste bewaar en in die toekomsbeplanning verweef te word. Bron: Kuijers & Smit (1985); Le Roux en Holm (1989); Meiring (1980); Picton-Seymour (1977).



Pretoriusstraat teen c1904. Regs is die Volkstem- en Compolgebou; die oorspronklike Savelkoulgebou op die hoek met Paul Krugerstraat (vroeër Markstraat) is net regs van die straat sigbaar



ADRES	Pretoriusstraat 159, h/v Volkstemlaan
ERFNOMMER	456 – Blok 5
HUIDIGE GEBRUIK	Werkswinkel: Polisiemuseum (Die Volkstemgebou)

Enkelverdieping gebou op erfgrense, L-vormig om die hoek van Volkstemlaan en Pretoriusstraat. Borsweringmure op straatkante, platdak met oorhang na binneplaas. Die oorspronklike ingang (nou toegebou) het 'n gewel en pendentief op toskaanse kolomme skuins op die straathoek met die inskripsie "De Volkstem 1873". Mure van geverfde, gepleisterde baksteen, aan straatkante wye boë met sluitstene en pilasters as tussenstukke. Vensterrame tans van staal,



vloer van beton en gipsbordplafon ('n enkele randkroonlys van persstaal is in die noordoostelike voorvertrek bewaar). In stoorkamers wat suid van die hoekgebou in Volkstemlaan geleë is, word hout- en parketvloere gekombineer; houtplafonne.

Die gebou is in 1990 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Dit opgerig aan die begin van die tydperk van Victoriaanse invloed in die Transvaal, maar toon eerder neo-klassieke invloed. Hoewel dit as De Volkstemgebou bekend staan, toon foto's teen die draai van die eeu die naam "Civil Commissioner's Office"; dit is waarskynlik later ook as winkels gebruik. Die gebou is die oudste van sy soort in Pretoria en is dus veral van kultuur-historiese belang. Veranderings is wel aangebring en enkele materiale mettertyd vervang. Die gebou is herstelbaar en daar is sprake van restourasie en gebruik as deel van die Polisiemuseum. Bron: Meiring (1980).

ADRES	Pretoriusstraat 268, h/v Bosman
ERFNOMMER	456 – Blok 6
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: Maritime House

Verneukeenvoudige hoekgebou met kantelblad veranda op grondverdieping, waaragter winkels. Sewe verdiepings hoog, met vlak gesette staalraamvensters in eenvoudige noordmuur. Die hoek is uitgedruk met vertikale vensterbane in 'n argitraaframe noord en met letterwerk wes. 'n Projekterende, konkawe muur met argitraaframe om vensters aan Bosmanstraat se kant.

'n Gebou van Burg Lodge en Burg, opgerig tussen 1948 en 1950. Die gebou is kontekstueel en argitektonies van belang. 'n Individuele ontwerp uit die opportunistiese era van vroeë Modernisme en vooruitgang. Maritime House is, in vorm en gees, terughoudend en terselfdertyd prominent. Dit verdien minstens dokumentasie as unieke gebou van sy era. Bron: Burg Doherty Bryant & Vennote, argitekte; A Skatterty, Norman & Sigle, bourekenaars.

ADRES	Pretoriusstraat 134
ERFNOMMER	3242 – Blok 1
HUIDIGE GEBRUIK	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

'n Gebou van twee vleuels, met die suidelike nege verdiepings hoog, teruggesit vanaf die straat agter 'n plein en daarvan geskei deur 'n arkade wat terselfdertyd die plint/basis van die gebou is. 'n Oordrewe sluitsteen-motief op kolomme identifiseer die ingang. Sentrale hyserskagte – rondgegroepeer en ontleen aan gegroefde kolomme van die klassieke ordes – verbind die twee vleuels, waarvan die noordelike veertien verdiepings hoog is. Die fasades is opgedeel in geartikuleerde travel wat die kurwes van die gebou volg, elk met 'n reeks inverse erkervensters wat saam vertikale bande vorm. Hierdie indeling word versterk deur halfronde kolomstukke, vierkantig geblok op elke verdieping; swaar, korbelende en onderbroke kroonlys. Die grondvloer huisves foyers, auditoria en 'n biblioteek in 'n reeks vryvloeiend geperkte ruimtes; die tipiese bo-vloer het kantore weerskante van 'n sentrale gang.

Argitektonies van belang. 'n Ontwerp van Samuel Pauw Argitekte, voltooi in 1987. Stilistiese Post-Modernisme met simboliese- en vormverwysing na die klassisistiese en westers-argitipiese boutradisies en sterk leunend op die Sosialities-Franse fase van die Katalaanse firma van Ricardo Bofill. Die invloed van die Moderne en veral laat Moderne styl (soos ook in die Volkskasgebou van



dieselfde firma) is in aspekte van die beplanning sigbaar. Die kontekstuele aansluiting met die Pretoriusstraat-vallei word ondergrawe deur die oopheid van die straatplein en aantrede. Twee toekennings vir die aanwending van betontegnologie is aan die ontwerpers gemaak. Bron: Klaus Schütte, Samuel Pauw Argitekte.

ADRES Pretoriusstraat 137, h/v Schubart
 ERFNOMMER Deel van 449 – 454 – Blok 6
 HUIDIGE GEBRUIK Landroskantoor



Drieverdieping gebou met hofsale en gange om binnehowe. Na buite 'n eenvoudige blok onder kroonlids, en met sentrale portiek – 'n pediment op gegroefde doriese kolomme – na Pretoriusstraat. 'n Soortgelyke portiek is op die suidwestelike hoek en 'n gewelmuur van dieselfde proporsies op die noordwestelike. Noord- en wesfasades met marmer beklee, en buite 'n argitraafraam en siermotief om 'n venstergroep is die oostekant van siersteen. Op die gondvloer is geboë vensters en deure met gekerfde boligte; boonste vloere met vierkantige houtrame waar-binne staalrame. Die gebou is gelig op 'n plint en teruggeplaas vanaf die straathoek en 'n staalprofielheining en nuwe sekuriteitsingang is later teen die sygaardjie opgerig. Sonbeskerming van dieselfde materiaal as die heining is ongelukkig teen die westelike fenestrasie aangebring.

Die ontwerp word toegesê aan FW Mullins van die DOW en is in 1942 voltooi. Die belang lê by die amptelike status van die gebou. Bron: Brink Stokes Marais & Moolman, argitekte; Daneel Smit & Vennote, argitekte; Walker (s.a.).

ADRES Pretoriusstraat 52, h/v Potgieter
 ERFNOMMER 2982 – Blok 2
 HUIDIGE GEBRUIK TOD-Streekkantoor, Noord-Transvaal



'n Reeks klaskamers, kantore, werkswinkel en saal om binnehowe uitgelê en effe terug van die hoek geplaas. Klipplinte, siersteenmure met uitgedrukte voë, (nou) staalraamvensters en sinkdakke. Die suidelike, enkelverdieping vleuels met kristallyndak om 'n leunstoep te akkommodeer; 'n dubbelverdieping vleuel tussen binnehowe en noord 'n ry werksinkels.

Die hoeksteen lees “10 Augustus 1910, Departement Publieke Werke Transvaal”. Die skool was eers bekend as De Westeind School, later as Langenhoven Skool en Bellevue Spesiale Skool. Daar was reeds sprake van sloping en onderhandelings is aangeknoop met die Gereformeerde Kerk wat die terrein vir parkering sou benut. Dié plan is egter nie tot uitvoer gebring nie. Ten minste die suidelike en oudste deel behoort bewaar te word vanweë kultuurhistoriese en argitektoniese belang. Die goeie toestand daarvan verseker dat die gebou kommersieel herbruikbaar is, selfs sou die huidige funksie verval. Bron: A Erasmus, Gereformeerde Kerk; TOD, Noord-Transvaalse Streekkantoor.

ADRES Pretoriusstraat 29
 ERFNOMMER 440 – Blok 8
 HUIDIGE GEBRUIK Woonhuis



Eenvoudige simmetriese dorps huis onder sinkstaandak met projekterende stoep na die straat. Twee erkervensters weerskante van die ingang en sentrale boog in siersteen daarbo. Plint van siersteen, met die noordelike muur tot op lateihoogte van siersteen, verder gevef. Staalraam- en loodglasvensters. Groot bome en versorgde tuin.

Tipologiese en historiese belang, maar uit konteks met die omgewing. Baie oorspronklike toebehore en elemente van die huis het in 'n goeie toestand bewaar gebly, hoewel dit deeglike opknapping benodig. Dokumenteer.

ADRES Pretoriusstraat 3, h/v Prinseparklaan
 ERFNOMMER 437 – Blok 8
 HUIDIGE GEBRUIK Kerk: Nuwe Apostoliese Kerk



Reghoekige blok onder staandak van sink; drie portieke (noord, oos en wes) gelig vanaf die sypaadjie, met voorafvervaardigde kolomme in die Franse orde en pediment met swaar kroonlys. Diep voegwerk is aangebring op gepleisterde baksteenmure. Loodglasvensters in staalrame onder boë en halfronde venster noord. Binne is 'n houtgalery bo die suidelike ingang.

Kultuurhistories van belang. Die kerk dateer uit 1928 (hoeksteen) en is in 1992 opgeknep. Dit is 'n landmerk aan die westepunt van Pretoriusstraat waar dit aan die een kant van die straat 'n poort tot Prinsepark vorm. Bron: Vennootskap Jan van Wijk, argitek.

4.3 SCHOEMANSTRAAT



Die straat het sy naam te danke aan Stephanus Schoeman. Hy was kommandant-generaal en vir 'n tyd ook waarnemende Staatspresident (1860-62) van die ZAR (nadat Schoeman en sy ondersteuners na Pretoria opgeruk en die Krygsraad feitlik gedwing het om hom aan te stel; MW Pretorius was in hierdie tyd president van die OVS). Schoemansdal, die eerste nedersetting van die Voortrekkers wat in 'n skermutseling verloor is (1867) en wat eers Soutpansbergdorp geheet het, was na hom vernoem. Hy is net buite die heldeakker in Pretoria begrawe. Kyk ook Bloedstraat (Le Roux, 1991).

Schoemanstraat is een van die hoofroetes na en deur die middestad waartoe dit een van die mees verrassende toegange bied. Vanaf DF Malanrylaan buig die breë eenrigtingstraat om 'n lang draai deur die boomryke oop deel om die Steenovenspruit na die ooste. Hierdie draai veroorsaak dat mens die middestad uit verskeie oogpunte ervaar voordat die straat reguit maak en deur die stad pyl tot waar dit langs die proefplaas van die Universiteit van Pretoria by Pretoriusstraat aansluit. 'n Nog digter bos van bome op uitskotgrond kan die ondervinding van die toegang uit die weste verder versterk.

Hoewel dit oor al die negatiewe eienskappe van strate aan die westekant van Paul Krugerstraat beskik, is die straatruimte meestal behoue. Hier word ook gevind: die eklekties saamgeplaasde straatmure, tydelike heinings, leë terreine, geboue op die goedkoopste en sorgeloosste wyse moontlik verander of by nuwe gebruike aangepas asook die alomteenwoordige palmboom – wat meestal op vroeëre maar vervloë Pretoriase elegansie dui. Die lanings bome dra veel by om die straatkante saam te weef – juis daarom is die gapings voor die ongeinspireerde geboue van kompeterende motorhandelaars tussen Prinseparklaan en Schubartstraat so opmerklik en ongelukkig. By Schubartstraat begin die amper eenvormige wande wat Schoemanstraat en Pretoriusstraat kenmerk en verduidelik. Hulle bestaan uit meerverdieping kantoorgeboue wat styf ingepak staan om 'n duidelike stedelike vallei te maak. Tot by Bosmanstraat is verskeie plekke, soos die howe en onderwysgeboue, doelbewus van die publiek gekeer en deur middel van heinings en dooie wande moeilik gemaak om te betree. Tussen hulle maak Marchie Mansion, 'n welkome groen breuk, wat die terrein van die ou Andries Pretoriusskool eggo. Tussen Bosman- en Paul Krugerstraat is die geboue ewe rigied en skynbaar funksioneel, maar op straatvlak is hulle toeganklik en begin aanskrit by die patroon van kommersiële bedrywighede in die middestad. Dit is belangrik om te onthou dat die straat nie hier ophou nie, maar slegs hierdie beskrywing daarvan. In vele opsigte het die laaste straatblok voor Paul Krugerstraat argitektonies, tipologies en kontekstueel meer in gemeen met die oostelike deel van Schoemanstraat as die deel hiervoor beskryf. Bron: Andrews & Ploeger (1989); Beyers (1987).



ADRES
ERFNOMMER
HUIDIGE GEBRUIK

Bosmanstraat 320, h/v Schoeman
551 – Blok 9
Kantore vir Raad op Plaaslike Bestuurs-
aangeleenthede: HB Philipsgebou
Kyk Bosmanstraat

ADRES Bosmanstraat 291, h/v Schoeman
 ERFNOMMER 502 – Blok 6
 HUIDIGE GEBRUIK Doeane- en Aksynsgebou
 Kyk Bosmanstraat

ADRES Schoemanstraat 133 – 137
 ERFNOMMERS 3091/R, 548/R & 549/1 – Blok 10
 HUIDIGE GEBRUIK Woonstelle: Marchie Mansions



Woonstelkompleks wat uit vier geboue bestaan, 'n vyfverdieping hoofgebou suid op die terrein en drie dubbelverdieping geboue aan die ooste- en noordekant. Laasgenoemde vorm 'n simmetriese aansig saam met die sentrale ingangshek na die straat. Die ingang lei na die hoofgebou wat aan die oostekant betree word.

Geboue is van siersteen met pleisterbande wat, saam met die blaaië, die horisontale benadruk. Die dak van die hoofgebou is beton en dien as tuin/balkon vir 'n dakwoonstel. Die dakke van die ander geboue is laehelling sinkdakke wat daaraan die voorkoms van platdakke verleen. Die hoofgebou is op tipies Pretoriase wyse van die grond “gelig” deur middel van 'n donker siersteenplint. 'n Siersteenstraatmuur en beplande tuin met palmbome voltooi die kompleks.



Die argitek van Marchie Mansions was Aubrey Nunn, met Helmuth Stauch, en is een van hulle min woonstelblokke wat in so 'n fisies en stilisties goeie toestand bewaar gebly het. Dit is verder 'n uitstekende voorbeeld van die Modernisme waarin die strewe en beginsels van die beweging duidelik gelees kan word. Kenmerke soos horisontaliteit, kolom-en-bladstruktuur, vensters vlak met en teruggesit van die fasade, die gebou van die grond verwyder, selfs die skielike oorgang van verwagte simmetrie na funksionele beplanning en die losstaande geboue in 'n tuinomgewing word almal saamgevoeg om 'n uitsonderlike woonplek in die middestad te skep. Veral as gevolg van die terugsetting daarvan is die gebou 'n landmerk in die harde wand van Schoemanstraat en kort dit net opknapping om dit 'n trotse en bruikbare erfstuk te maak. Bron: Nation (1985).

ADRES Schoemanstraat 75
 ERFNOMMER 2970 – Blok 11
 HUIDIGE GEBRUIK Skool en TOD-Sentrum



Siersteengeboue – Engelse verband op klipplinte – net terug van die straat en losweg om 'n binneplein gegroep. Enkelverdieping, buiten 'n kort verdiepingvleuel oos van die binneplein. Hierom loop 'n veranda – sinkdak op vierkantige houtstutte en siersteenpilare – wat eindig teen 'n suidelike gebou wat verder losstaan onder 'n skilddak van sink met dakventilators. Vensters wissel van houtrame met horisontale hortjies (later ingesit) en staalrame. Hoekkaggels in van die klaskamers, skoorstene van siersteen.

Noordoos op die terrein 'n losstaande, enkelverdieping gebou met gepleisterde mure, klipplint, gewels en skoorstene. Die ingange aan die noordekant onder leunveranda (latere toevoeging?) met wes daarvan 'n laboratoriumkamer met bobekvensters oor die noklyn en kaggelskoores in die suidelike gewel. Die sinkdak is 'n saamgestelde saaldak en toon dat verskeie dele, veral aan die noordekant, aangebou is.



Die geboue was vroeër deel van die Andries Pretoriusskool (dokumentasie verlore, oprigtingsdatum onbekend) en later Pretoria Central Technical High School. Die laboratoriumgebou was waarskynlik eers 'n woonhuis waarby later aangebou is (kyk foto hiernaas). Dit is ouer as die skoolgebou en ook in die swakste toestand, hoewel dit aan min onderhoud te wyte is. In die suide is die (voorafvervaardigde) werksinkels reeds gesloop, sodat die terrein swak daar uitsien. Die geboue wat oorbly is redelik ongeskonde en die hele kompleks het, naas die kultuurhistoriese, ook ekonomiese waarde. Hergebruik behoort ondersoek te word om dié waardevolle plek in die toekoms te integreer by die stedelike vesel, en om aan te sluit by die ewe-historiese store regoor Schoemanstraat (Schoemanstraat 84 en 86, erf 2687).
Dokumenteer volledig.

ADRES	Schoemanstraat 84 an 86
ERFNOMMER	2597 – Blok 7
HUIDIGE GEBRUIK	Store



Schoemanstraat 84 teen die sygaardjie met eenvoudige sinksaaldak oor dubbelverdieping en gewelmure van siersteen in Engelse verband, geverf op plekke. 'n Losstaande houttrap noord van die gebou gee toegang aan die boonste vloer. Staalraamvensters, gepleisterde lateie op grondvloer, sigbeton ringbalk onder dakoorhang.

Noord op die smal erf 'n stoor (Schoemanstraat 86) van drie verdiepings, gepleister en geverf. Effens geboogde houtraamvensters agter staalstaafdiefwering. 'n Kelder, houtplankvloere, industriële deure waarvan een op staalprofiel skuif en die sentrale deur onder boog en ronde hortjiesventilatoropening. Sinksaaldak met dakventilators en noord 'n verdiepinghoë bybouing van siersteen.



Beide geboue maak 'n indruk met hul eenvoud en goeie toestand. Die store is beslis ouer as vyftig jaar. Ooglopend is min verander en die integriteit van die geheel is ongeskonde. Die meerverdieping-indeling en groot vloerruimte bied 'n goeie geleentheid vir herbenutting en argitektoniese ingryping. Ondersoek, dokumenteer en fotografeer.

4.4 SKINNERSTRAAT



Skinnerstraat is vernoem na William Skinner wat hom na 1852 in die Transvaal gevestig het. Saam met die Devereux-broers het hy onder andere Andries Pretorius se plaashuis gebou, Kerkplein help uitmeet met J Visage (kyk Visagiestraat) en die eerste kerk, tronk, skool en Raadsaal opgerig. Hy was ook Stadsraadslid en landdros vanaf 1867 tot 1878 (Andrews & Ploeger gee ander datums).

Daar heers steeds onsekerheid oor die toekomstige voorkoms van hierdie straat waarvan die noordewand vanaf Du Toitstraat en die Apiesrivier weggeskil is om die agterkante van geboue in Schoemanstraat bloot te lê. 'n Nuwe wand, langs 'n nuwe straat sal hopelik die wond herstel. Aan die suidekant, wat blykbaar nie deur die straatverbreding geraak sal word nie, is daar 'n kort stukkie met belangrike stadsweefsel wat die straat as ruimte begrens, landmerke geword het en geskiedenis in pag hou. Hier is die Cathedral of the Sacred Heart en Loreto Convent alles binne een blok.

Aan die westekant draai die straat tussen die bome langs Steenovenspruit weg na Mitchellstraat in Pretoria-wes. Bron: Andrews & Ploeger (1989); Beyers (1987).

ADRES	Skinnerstraat 149, h/v Bosman
ERFNOMMER	2960 – Blok 14
HUIDIGE GEBRUIK	Kerk: Cathedral of the Sacred Heart



Rooms-Katolieke katedraal teruggesit vanaf die straathoeke om 'n voorplein teen Skinnerstraat en 'n klein ommuurde tuin teen Bosmanstraat te maak. Buitemure is met terrazzoteëls beklee wat aan die gebou 'n eenvormige tekstuur en kleur – in nabootsing van sandsteen – verleen. Die dubbele hoofingang is aan die noordekant tussen twee stomp torings waarop piramidale spitspunte en onder 'n verdeelde glasvenster wat die voorgewel oorheers.

Die fasades is geleed deur middel van vertrapende steunbere wat tot by die daklyn, wat met lyswerk en blinde boë versier is, klim. Tussen die bere is hoë puntboogvensters waarin twaalf aspekte van Christus se lewe in loodglas uitgebeeld word. Dit is 'n swaar introspektiewe gebou wat die buitelewe afsluit.

Die katedraal is in 1932 (argitekplan) tot 1933 (hoeksteen) opgerig na die ontwerp van BJ Clinch wat in 1950 ook die kruisbeuk aangebou het. Die huidige noordaansig dateer vanaf 1965 en is die werk van G Mark Hussey, Van Rensburg en Assosiate. Hulle het ook 'n galery en bieghokkies in die noordelike gedeelte ingerig – wat 'n klein ingangsportaal met lae plafon tot gevolg het. Van hier 'n trap na die galery.

Die binneruimte is hoog en oop, mure is van rooi sandsteen en die swaar plafon van hout. Ook aan die suidekant is 'n groot glasvenster waarin die kruisiging uitgebeeld word. Die altaarruimte is verhoog; hiernaas is die Maria-kapel. Die doopvont staan in die oostelike punt van die kruisbeuk. Die Katedraal is 'n stedelike landmerk langs Skinnerstraat. Bron: Planafdeling, Stadsraad van Pretoria.

ADRES	Skinnerstraat 105
ERFNOMMER	2923 – Blok 14
HUIDIGE GEBRUIK	Skool: Loreto Convent



Volgens Allen (1971:89) het Loreto Convent die langste ononderbroke bestaan van enige skool in Pretoria. Dit is in 1878 gestig en 'n gedeelte van die eerste geboue is steeds in gebruik.

Hierdie gepleisterde en geverfde dubbelverdieping met sentrale bobekuitbouing is mettertyd binne omvangryke verbouings en uitbreidingsverswelg. Saam met die katedraal vorm dit vandag 'n uitgebreide kompleks van geboue en binnehowe. Hierdie veranderinge is nie altyd met omsigtigheid gedoen nie en die ordelike netheid van die eerste gebouegroep het verlore gegaan.

Veranderinge is in 1931 aan die dogters se slaapvertreкке, noord en wes, aangebring om 'n oop hof te maak. Die argitek was moontlik BJ Clinch. In 1939 het hy die binnehof voltooi met nuwe bouwerk aan die weste en suidekant. In 1947 is die New Sisters dormitory aan die suidekant opgerig deur G Mark Hussey. Verdere veranderinge deur dieselfde argitek (oostelike deel van die slaapvertreкке, swembad en kleedkamers) het in 1950 en 1954 gevolg. In 1962 het hy in assosiasie met Van Rensburg 'n nuwe blok op die suidoostehoek van die Convent gebou. Die nuwe gedeeltes is, soos die naasliggende katedraal, met terrazzo afgewerk. Die geheel is met behulp van grensmure van die straat geskei.



Loreto Covenant teen c1880-9. Die gebou links is vervang deur die katedraal op die hoek van Bosman- en Skinnerstraat; dele van die ander geboue is verander en geïnkorporeer in die bestaande skool

As kompleks is hierdie 'n geestelike en fisiese landmerk en belangrike straatwand in 'n gebied waar min oorgebly het voor sloping en straatverbreding. Bron: Allen (1971); Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

ADRES Skinnerstraat 99, h/v Schubart
 ERFNOMMER 640 – Blok 15
 HUIDIGE GEBRUIK Padkafee, restaurant en diskoteek:
 The Crack



Lang dubbelverdieping gebou van Schubartstraat geskei deur 'n parkeerarea met grasdak-gazebo's, ingeboude sitbankies en plante. Sentrale gewelmuur, vertrapend en om twee pale met ontwerpte kraak, van gepleisterde en ongepleisterde baksteen, alles geverf. Ronde betonkolomme met balk in vryvloeiende lyn waarteen en -agter ligte en advertensieborde, staalraamvensters op ritmiese intervale en skeef gedraai; geverfde staalprofiel ruitraam met reflekerende plaat bo muurrand. Gepleisterde buitewand is veelkleurig geverf en geteël. Paraferalia soos 'n monterde motor (suidwestelike hoek), reuse roomys-horing en terreinligte gemonteer op vrygeboë pale trek die aandag van die verbyganger.

'n Wuf stukkie kleurvolle argitektuur wat deur oordrywing die boodskap van kommersialisme na die model van Amerikaanse weskusargitektuur oordra. Die gees daarvan is Post-Modern en stilistieses simboliek word betrek by die spel van dekorasie. Buiten hierdie belang lewer dit 'n diens aan die omgewing en is dit 'n landmerk.

Die argitekthe was Frame Lampropoulos Associates en die planne is in 1985 goedgekeur. Bron: Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

ADRES Skinnerstraat 61
 ERFNOMMER 636/R – Blok 15
 HUIDIGE GEBRUIK Stoor



Enkelverdieping woonhuis agter klein tuintjie. Straatkant met siersteen erkers wes en oos 'n stoep met voorafvervaardigde kolomme wat rus op siersteenmuur; houtraamvensters. Skoorsteen geverf en plint van siersteen. Houthortjientilator in sinkdak soos solder-venster bo ingang geplaas, leundakke aan die suidekant.

Naas die tipologiese waarde is die huis van historiese-argitektoniese belang omdat dit in 'n redelik oorspronklike toestand is. Dit vorm deel van die stad se geheue, 'n sentiment wat nie ontken kan word nie. Dit is egter eeffe verwaardeloos en kort opknapping. Die gevaar bestaan dat dit onsimpatiek verander kan word (soos die ommuurde huis reg oorkant, Skinnerstraat 62, deel van erf 688, kyk foto links onder). Die ongeskonde geheel behoort benut en hersirkuleer te word, sodat dit meer gepas opgeneem kan word in die handels-aktiwiteite van die straat. Dokumenteer.



4.5 VISAGIESTRAAT



Wanneer die middestad vanaf die spruit langs Visagiestraat teen die lang helling na Paul Krugerstraat betree word is die sterkste kenmerk die twee rye bome aan weerskante.

Geboue, veral aan die suidekant waar ook die spoorlyn loop, is laag en feitlik onsigbaar agter die lanings. Tot by Schubartstraat word 'n werklik menssensitiewe sypaadruimte tussen die hoë gebou-wande en die oorhangende takke van die jakarandas geskep. Oos van Schubart verdwyn die intieme kwaliteit en is mens amper weerloos tussen straatmure of heinings aan die een kant en die besige verkeer aan die ander. By die stadsaal, waar moontlik meer beskerming langs die hoër gebouwand by die aansluiting met Paul Krugerstraat, is die bome groter en skerm weer die straat-bedryghede van die sykant.

Die straat is vernoem na JH Visage (Visagie) – onder andere die sekretaris van beide generaal Andries Pretorius en sy seun MW, asook staatsekretaris en Volksraadslid. Hy was ook as “bossiedokter” bekend. Bron: De Kock (1972).

ADRES	Visagiestraat 192, h/v Paul Kruger
ERFNOMMERS	693/R. 693/1 en deel van 3101 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Land- on Landboubank van Suid-Afrika: Hannes Smitgebou



Nege verdiepings hoog, teen die sypaadruimte en geskei van die straat deur die jakarandalaning. Die gebou is simmetries om die middel waar die ingang onder en dienskamers en opsigterswoning bo die swewende daklyn. Ook om die middellyn is 'n gepunte projeksie na die noorde en suide. Gordynmure met horisontale vensterbande; die struktuur daaragter is van buite leesbaar en loop voor die teruggesette suidelike glaswand van die grondverdieping om die gebou oënskynlik van die grond te lig. Noord lig soortgelyke pilote die gebou bo parkeerplekke. 'n Vertikale band holblokke loop deur stewige sandsteenmure op die ooste- en westekant. Soortgelyke blokke loop oor die volle lengte van die atriums binne.

'n Gebou wat die strak straatwande van beide Visagie- en Paul Krugerstraat begrens. Dit keer hom na eersgenoemde en maak 'n plek op die straathoek waar Hennie Potgieter se bronsfigure “Die Saaier en die Maaiar” op 'n voetstuk gelig is. Dit is die prominentste van die geboue in Visagiestraat wat deelneem aan die definisie van Pretoriusplein. Ontwerp deur Johan de Ridder en voltooi in 1966. Dit het 'n deel van die ou hoekgebou wat ook die bank gehuisves het vervang en is verbind met die Pretoria-tak van die bank (kyk Paul Krugerstraat).

Die gebou dateer uit 'n tydperk van optimisme en vooruitgang toe amptelike geboue in Pretoria die Moderne nagejaag het. Die beginsels van funksionaliteit en ekspressie word nagevolg, maar ding mee met formele simmetrie en plaaslike materiale wat, soos die sandsteen, herinner aan die bank se band met grond en die bewerkte landskap. Bron: Johan de Ridder, argitek; Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

ADRES	Visagiestraat 180
ERFNOMMER	692 - Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: Adventiciagebou



Op die oog af 'n eenvoudige gebou, net terug van die sygaardjie geplaas. Twee vleuels van siersteen, verbind aan die westekant waar 'n wenteltrap binne 'n gekurfde muur. Aan die suide is die fasade met terrazzo beklee. Hier word die grondverdieping onderskei met 'n horisontale lys waarop patroonvoeë en waarin vensters. Deurlopende terugsette bind die ingang en balkonne daarbo asook elk van die eweredige vensterindings vertikaal. 'n Hyserskag omvou die suidwestelike hoek en staan 'n verdieping hoër uit. Staalraamvensters, houtparketvloere binne waar enkelkantore en suites verhuur word.

'n Gebou van die belangrike argitekspraktik Burg Lodge en Burg, voltooi teen 1951 vir die Sitrusbeurs. Die gebou is 'n voorloper van die ekspressiewe Moderne styl wat die Pretoriase groeitydperk van die sestigerjare sou kenmerk. Die manieristiese plint weerspreek egter die internasionale strewe na funksionaliteit en die dramatiese eenvoud van die gebou. Stedelik lewer dit 'n bydrae tot Pretoriusplein as regaf wand oor die straat daarvan. Die gebou se integriteit is nie aangetas nie en dit behoort nog vir jare dienstig te wees. Dokumenteer. Bron: Laäs Döman & Vennote, prokureurs; Sitrusbeurs van Suid-Afrika.



ADRES	Visagiestraat 174
ERFNOMMER	2901 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore

'n Lang gebou van agt verdiepings wat net weg van die sygaardjie staan en daarvan geskei is deur 'n losstaande kolom-en-balk struktuur.

Slegs die regaf fasade na die suide is van waarde as deel van 'n kontinue straatwand wat ruimtelike definisie verleen aan Pretoriusplein. Toekomstige geboue behoort hul van die waarde van hierdie wand te vergewis.

ADRES	Visagiestraat 166
ERFNOMMER	690 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: SATU-huis

'n Eenvoudige gebou – vyf verdiepings hoog – teen die sygaardjie en met kantelblad veranda daaroor. Die struktuur is uitgedruk as muur- en bladprojeksies, alles geverf, waartussen staalraamvensters en siersteen met tweekleur patroonverband teruggesit. Die dak is versteek agter 'n borsweringmuur wat terselfdertyd die kroonlys met letterwerk vorm.

Die kantore van die Suid-Afrikaanse Tipografiese Unie is onpretensieus, gee uitdrukking aan die funksionele en hang geen stilistiese dogma aan nie. As deel van die Visagiestraat gebouewand van belang om die ruimte om die Stadsaal en Pretoriusplein in te perk. Corrigan, Crickmay & Partners was die argitekte en die planne is in 1951 goedgekeur. Bron: Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

ADRES	Visagiestraat 152, h/v Bosman
ERFNOMMER	689 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore en die Nywerheidshof: Continental-gebou

'n Regaf blok onder sinksaaldak waarop 'n geskulpte dienskamer verbind met die noordelike sirkulasieskag. Oos en wes





is soliede mure oor die nege verdiepings waarin geverfde betonbalke en die struktuur op straatvlak wys. Suid word die ingevulde struktuur ook rigid ingedeel met ononderbroke horisontale staalraamvensters net onder die blad en smal vertikale vensterbane.

'n Eertydse hotel wat omskep is vir die huidige gebruik. Die gebou spreek nog die straathoek, nog die sygaardjie aan, maar staan ongeerg daarvan terug. Die vryheid van die laat Modernisme is sigbaar in die struktuur op die dak, maar word tot funksionele verantwoording geroep in die res van die gebou. Die uitstaande kenmerk daarvan is dat dit 'n hoë wand na die Stadsaal draai en so die oop ruimte daarom inperk.

ADRES	Visagiestraat 139, h/v Bosman
ERFNOMMER	Deel van 900-905, 909-912 – Blok 19
HUIDIGE GEBRUIK	Ongebruik: Munthuis

Woonhuis in groot (eertyds formele) tuin, enkelverdieping en van siersteen in Engelse verband en met leiklip skilddak. 'n Sentrale stoep op voorafvervaardigde kolomme aan die noordekant, houtraamvensters met hortjies en houtdeure na buite. Die huis lê om 'n binnehof, die gevolg van aanbouings aan die suidekant, waar staalraamvensters gebruik is. Binne is houtvloere en kaggels. Buitegeboue (motorhuis en kamers) suidwes van die huis.

Die huis is vroeër bewoon deur die direkteur van die Munt. Dit is in 'n redelike toestand, maar benodig aandag. Die waarde is kultuurhistories en argitektonies; saam met die tuin is dit 'n aangename plek wat verdien om gebruik en geniet te word.

ADRES	Visagiestraat 105, h/v Schubart
ERFNOMMER	Deel van 900-905, 909-912 - Blok 19
HUIDIGE GEBRUIK	Ou Suid-Afrikaanse Munt

'n Strak gebou van die straat teruggesit en daarvan geskei deur 'n heining. Die grondvlak tree terug agter kolomme wat die basis vorm en die fasades eweredig indeel, met 'n deurlopend geponste band daarbo – alles afgewerk in glasuurde teëls. Die noordelike vleuels huisves kantoorvlakke langs 'n sentrale volume om die ingang; in die suide is produksie- en berguimtes.

Die gebou is in 1968 ontwerp deur Interplan, argitek, en is in twee fases voltooi waarvan die laaste in 1976. Dit dateer uit die tydperk van laat Modernisme en plaaslike optimisme; hier word die funksionele gerig deur 'n formalisties formele benadering wat kan dui op die bedoelde gebruik en status daarvan. Hierdie gebou het die ou Royal Mint vervang wat op dieselfde terrein was en waarvan twee woonhuise behoue gebly het (kyk Minnaarstraat 130 en Visagiestraat 139). Sedert 1991 word die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy in Midrand gehuisves wat die gebou beskikbaar laat vir hergebruik. Toekomstige gebruike sal moet rekening hou met die afstand wat die gebou fisies en visueel van die straat handhaaf. Bron: Interplan, argitek; KWP Argitek.

ADRES	Visagiestraat 81-95, tussen Schubart en Potgieter
ERFNOMMERS	897-899, 906-908, 1104-1106, 1125-1127 – Blok 20
HUIDIGE GEBRUIK	Staatsgarage, Pretoria





'n Blok vol store, werksinkels en kantore, tot drie verdiepings hoog en net teruggesit vanaf die straat. Meestal eenvoudige geboue van siersteen of staalkonstruksie onder sinkdakke.

'n Groep geboue van eenvormige kwaliteit, stewig gebou en eenvoudig gedetailleer. Die waarde daarvan is die potensiële ekonomiese nut, soos die Tremloodse (kyk Le Roux, 1990) en die Magasyn van Bosmanstraat 11 (kyk Le Roux, 1991). Toepaslike hergebruik behoort oorweg te word wanneer die huidige funksie verval. Volgens ou kaarte van die middestad was dele van die SABS en WNNR vroeër ook hier akkommodeer.

4.6 MINNAARSTRAAT



Die westelike strek van die straat begin teen Burgerspark en klim oor die klein heuwelrug verby die museum en stadsaal tot waar dit fisies by Schubartstraat deurgesny word. Die laaste deel vorm 'n kort, feitlik ongebruikte verbinding tussen Schubart- en Potgieterstraat waar alle orde deur latere voorsiening vir slegs die motorvoertuig verwoes is. Die sterk straateenheid word deur die voltooide boomrye aan weerskante gemaak – eerder as deur die geboue wat op wisselende afstand van die straat geplaas is en langs oop terreine en ommuurde parkeerplekke die verlangde straatwand breek. Aandag is veral by die suidoostelike hoek met Bosmanstraat nodig om die ware potensiaal van 'n mooi straat te verhef.

Dit is vermoedelik na JC Minnaar (1848 – 1913), die eerste Registrateur van Aktes, vernoem. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

ADRES	Minnaarstraat 130
ERFNOMMER	Deel van 900-905, 909-912 – Blok 19
HUIDIGE GEBRUIK	Ongebruikte woonhuis.



'n Enkelverdieping woonhuis net terug van Minnaarstraat en van rooi siersteen in Engelse verband op 'n siersteenplint en met siersteen-skoorstene; leiklippteëls op die skilddak. Houtskuiframe én staalvensterrame agter houthortjies is gebruik, sowel as houtvloere binne. 'n Projekterende stoep na die suide is later toegemaak met houtrame en glas.

Die huis was tydens die era van die Royal Mint vir die Werke-direkteur gebou. Dit staan tussen groot bome in 'n verwaarloosde tuin wat herstel behoort te word. Naas 'n aanbouing op die noordwestelike hoek is die huis se geheel ongeskonde en verdien dit om gebruik te word.

ADRES	Minnaarstraat 187, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	888,889,890 – Blok 21
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore vir Spoornet: NZASM-Gebou



'n Seweverdieping gebou met kelder, net weg van die sygaardjie en met die straathoek weggesny. Dit is om twee binnehowe met die ingange sentraal teen beide strate. 'n Streng vertikaliteit word op fasade gesuggereer deur projekterende argitraaframe wat die lengte van die gebou loop; hierin is vensters in horisontale bande.

Die gebou is in 1963 voltooi op die terrein van die ou NZASM-hoofkantoor. Die letters bo die ingang aan die noordekant is die oorspronklikes wat van die ou gebou afkomstig is. Die huidige gebou is van stedelike waarde daar dit deel vorm van die Paul Krugerstraatwand van geboue. Tweedens is dit die enigste gebou suid van Pretoriusplein wat poog om die oop ruimte te definieer deur dit te stuit.

4.7 JACOB MARÉSTRAAT



Hoewel hoër geboue hier en daar aan weerskante van die straat voorkom, bied hulle nie genoeg ondersteuning aan die boomlanings nie en bly die wand ongedefinieerd en gebroke, behalwe op die noordehoëke met Paul Krugerstraat waar staatsgeboue – argitektonies simpatiek tot mekaar – die luglyn perk en die straatruimte help maak. Sypaadjies is slordig, gebroke, stowwerig en bemors met rommel. Moontlik hoort hierdie voorstedelike behandeling van die straatkant, naamlik loopvlak, grondstrook met bome, vlak randstrook en teerstraat nie in die middestad nie. Die sterkste element, die boomrye, word op sommige plekke onnodig verbreek, veral voor die Samewerking-gebou.

Wes van Bosmanstraat verlaag geboue en loop die straat om 'n draai teen die verhoogde spoorlyn en Schubartstraat dood.

Volgens Andrews en Ploeger (1989) het die straat se naam van Maréstraat, na Paul Maréstraat en later na die huidige naam verander. Jacob Maré was lid van die Trensvalse Volksraad en Uitvoerende Raad. Of hy wel die vader van Sarie Marais van liedjefaam was, is nie duidelik nie, hoewel dit as redelik aanvaar word (De Kock, 1972). Die “Paul” van die ouer naam kan moontlik verwys na die leier van 'n klein Trekgeselskap uit Uitenhage en Graaff-Reinet. Nadat hy op pad verongeluk het, trek sy familie saam met Gerrit Maritz na Natal. Sy seuns, DS Maré en FK Maré, was later onderskeidelik landdroste van Zoutpansberg en Pretoria. FK Maré het ook 'n belangrike rol as landdros en bevorderaar van die onderwys in Heidelberg gespeel. Jacob Maré was 'n kleinneef van die broers. Bron: Andrews & Ploeger (1989); De Kock (1972); Krüger (1977); Pont (1965).

ADRES	Jacob Maréstraat 184, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	894,895,896 – Blok 21
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: Samewerkinggebou

'n Gebou wat vol op die hoek staan en twee simmetriese ses-verdieping fasades na beide Paul Kruger- en Jacob Maréstraat draai. Die plint, wat ook die onderste twee verdiepings is, is van graniet. Daarbo is siersteenmure met die sentrale blok onder 'n kroonluis. Aan die suidekant is die sentrale deel teruggesit tussen hoekpawiljoene. Reliëfpanele met brons en gekerfde vlakwerk is tussen vensters van die derde en vierde vlak monteer.

Die gebou se belang is argitektonies en histories. Dit volg 'n vrye interpretasie van eklektiese klassisisme wat tot teen die dertigerjare gewild was vir amptelike geboue. Nietemin is dit 'n rasonale gebou wat historiese maniërismes selektief gebruik. Deur die voorplasing van die massa en die hoogte daawan maak dit ook deel uit van die regaf straatwand teen Paul Krugerstraat en het daarom kontekstuele waarde.

ADRES	Jacob Maréstraat 157, h/v Bosman
ERFNOMMER	942/R – Blok 26
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersiële

'n Groep winkels saamgevoeg in een gebou, met die noordwestelike hoek tot teen die sypaadjie en straatkruising; die noordoostelike hoek is effe teruggeplaas vir 'n straatkafée. Fasades is eenvoudig ingedeel met muurpilare wat 'n omraming aan elke winkelenster





gee. Bo die verandadak word hierdie indeling gestuit onder 'n dubbele, korbende kroonluis, net om weer opgeneem te word in vertikaalgespitsde staalprofiel. Die gebou is helderkleurig geverf en die plint en dado is met teëls geaksentueer.

'n Klein, nuwe gebou wat hom steur aan die verband tussen straat en gebou. Dit is 'n eenvoudige konstruksie wat slim afgewerk is en saam met Dairy Mall kleur terugbring na die middestad en die kommersiële potensiaal van argitektuur ten goede uitbuit. Ontwerp deur Frame en Lampropoulos, argitekte.

ADRES	Jacob Maréstraat 149, h/v Bosman
ERFNOMMER	2833 – Blok 27
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersiële en minibustaxi-staanplek: Dairy Mall



Ou industriële store en fabriek met nuwe geboue saamgevoeg tot pendelaar- en verkoopsplek. 'n Groot buiteruimte tussen die noordelike en suidelike dele strek tot teen Bosmanstraat waar afdakke vir 'n informele straatmark voorsiening maak. Minibustaxis gebruik hierdie plein tot teen die uitgang in Jacob Maréstraat. Kleur en uithangborde versoen toebehore van die vorige funksie met die huidige kommersiële. Die geboue is dubbelverdieping, van verskillende siersteen en met samevoegings en improvisasies van sinkdakke.

Die belang van Dairy Mall (vroeër 'n roomysfabriek) is naas die ooglopende ekonomiese en sosiale waarde ook stedelik, waar dit 'n plek maak vir stedelike aktiwiteit en as fasiliteerder optree vir 'n verskeidenheid funksies. Die lewensvatbare hergebruik van bestaande strukture en die integrasie met die kommersiële tekstuur daarom maak 'n bydrae tot 'n deel van die stad wat lank geen deurdagte ontwikkeling geken het nie. Hierdie voorbeeldige houding bewys dat die mens se plek in die stad nog nie verlore is nie, maar selfs versoen kan word met dié van die motorkar. Die nuwe geboue en herbenutting is in 1988 deur die firma Meiring Van der Lecq Thomas en Ronga gedoen. Bron: Meiring Van der Lecq Thomas en Ronga, argitekte.




ADRES	Bosmanstraat, net suid van Dairy Mall, en Jacob Maréstraat 9
ERFNOMMERS	2788 en 2891 – Blok 27
HUIDIGE GEBRUIK	Parkering en ongebruik

Erf 2788 lê tussen die spoorlyne en die geboue van Dairy Mall. Dit is 'n onontwikkelde grondoppervlak wat oorloopparkering aan huurmotors en staanplek vir handelaars bied, wat reeds daarop dui dat dit uitbreiding van die kommersiële aktiwiteite kan akkommodeer. Vanweë die ligging behoort dit geïnkorporeer te word in die ontwikkeling wat rondom die stasie beplan word.



Erf 2891 huisves 'n groep industriële geboue met saagtanddakke, 'n kantoorgebou teen Jacob Maréstraat en store. Die aktiwiteite van Dairy Mall het reeds hierheen uitgebrei sodat nywerhede hier onwenslik geword het. Die ekonomiese potensiaal van die geboue is van belang en die dubbelverdieping kantoorgebou met sentrale ingang tussen geronde teëlhoeke is van mindere argitektoniese waarde. Die perseel behoort ondersoek te word vir toepaslike hergebruik.

4.8 SCHEIDINGSTRAAT



Die Fonteinedal, heuwels en UNISA maak saam een van die mooiste toegange tot die middestad van Pretoria. Die goeie indruk word vernietig wanneer Scheidingstraat en die stad self betree word. Vanaf die aansluiting met Van der Waltstraat loop Railwaystraat en Andriesstraat deur 'n gebied met swak definieerde karakter wat nóg tuin, nóg stad uitbeeld. Hierdie beeld is op sy swakste waar die toegangsroete by Scheidingstraat aansluit.

Hier is die groot stasieplein wat self mank gaan aan definisie en gevolglik die verwagting wat langs Paul Krugerstraat daarvoor geskep word, onvervuld laat. Daar word op die oomblik aan die stasie, die omringende geboue en die plein gewerk en daar word vertrou dat die stedelike beginsels saam met die argitektoniese aangepak sal word. Scheidingstraat benodig 'n afsluiting waar dit om die draai by Bosmanstraat aansluit sodat aandag na die stasie en Paul Krugerstraat gelei kan word. Die enkelverdiepinggebou op die hoek met laasgenoemde doen afbreuk aan die gang van die straat sowel as die wand van die plein, soos ook die voorafvervaardigde heining suid daarvan.



Die vername stedelike knooppunt – treine, busse, taxis, voetgangers – word nie ruimtelik verduidelik nie; aansluitings wande sorg vir verwarring, eerder as orde. Toegang aankomspunt kort werklike insig en ontwerp om een van vernaamste eerste indrukke van Pretoria te help verbeter.

Scheidingstraat was aanvanklik die mees suidelike straat in stad en die naam is afgelei van die skeiding tussen stad weigrond. Bron: Andrews en Ploeger (1989).

ADRES	Scheidingstraat tot hoek van Railway
ERFNOMMER	Deel van R/170 (Stasiereserwe) – Blok 28
HUIDIGE GEBRUIK	Stasieplein an Pretoria-stasie

Die stasiegebou bestaan uit twee dele, waarvan die suidelike 'n eenvoudige saagtand-struktuur oor die perrons is en suidoos agter die hoofgebou verbystrek om parallel aan die spoorlyne te staan.

Die hoofgebou bestaan uit 'n blok teen die stasieplein met drie vleuels na die suide waarvan die op die kante uitdraai vanaf die middel. Die grondverdieping is uitgedruk as 'n rustifikeerde sandsteenplint onderbreek deur boë. Sentraal, onder die lanterntoring, is die loggia teruggesit op die plint met gepaarde Ioniese kolomme. Baker se aandag aan detail en vakmanskap is ook in die interieur met kruisgewelfde portale sigbaar.

Die eerste stasiegeboue is tydens 1892 opgerig as deel van die NZASM-plan om Pretoria met Delagoabaai (Maputo) te verbind. Die spoorlyn kon as gevolg van die terreinhelling nie ewewydig aan die stadsruit uitgelê word nie en die eerste geboue langs die spoor was teen 'n hoek met Scheidingstraat om 'n oop ruimte te maak wat later die stasieplein sou word.

Sir Herbert Baker is in 1908 aangestel om die nuwe Pretoria-stasie te ontwerp. Dit was een van sy eerste amptelike geboue in die Transvaal en word beskou as 'n voorloper tot sy belangrikste werk – die Uniegebou en regeringsgeboue in New Delhi. Hoewel elemente van die Paladiaanse Klassisisme (onder Lutyens se invloed)



deurskemer, lees die resultaat oorwegend Renaissance en eklekties.

Naas die argitektoniese waarde daarvan is die sterkste kenmerk van Baker se stasie die gerigte ligging aan die bo-punt van Paul Krugerstraat; dit sluit die vista en soek aksiale verband met Kerkplein om een van die min voltooide straatbeelde in Pretoria te skep. Die krag hiervan word ondermyn deur die insnyding tussen Railway- en Scheidingstraat wat die stasieplein as formele aanloop tot die gebou ontken en die oop ruimte vewater tot 'n verkeersgebied waarbinne oorblyfsels van die eertydse stasieplein wegdryf. Bron: De Jong, Van der Waal & Heydenrych (1988); Fransen (1981); Hartdegen (1988); Musgrove (1987).



'n Deel van Pretoria-stasie teen 1893; die NAZM-stasie het bestaan uit vyf geboue wes van die bestaande gebou van Baker. Op die foto is die perroningang na die dienstegebou heel links, met daaragter die dameswagkamer, wagkamer en verversingsgebou



ADRES	Scheidingstraat 200, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	982 – Blok 24
HUIDIGE GEBRUIK	Hotel: Victoria

'n Dubbelverdieping gebou op die erfgrens met 'n spitstoring wat op die hoek uitstaan. 'n Hoë stoep op kolomme strek die lengte van die sypaadjies en om die hoek; daarbo is 'n deurlopende balkon onder 'n leunsinkdak, ook op kolomme. 'n Geverfde borsweringmuur met korbelenende kroonlids versteek die geute van 'n sinksaaldak wat ingehou word tussen eenvoudige spitsgewels en gekroon is met 'n nokrandlids tussen nokentruiters. Letters wat die hotel se naam spel is aan Scheidingstraat op dié nokrant. Twee gewels na die suide en

een na die ooste staan uit soos muurdakvensters; daartussen is soldervensters en gepleisterde skoorstene.

Die erf is in 1890 deur TW Beckett van die Gereformeerde Kerk aangekoop. Saam met die buurerf is dit vanaf 1894 verhuur op voorwaarde dat hotelle opgerig word om te voldoen aan die behoeftes van reisigers wat die stad vanaf die stasie binnekom (die Stasie Hotel bestaan nie meer nie). Die Hollandia Hotel is deur 'n onbekende Hollandse argitek ontwerp en in 1900 deur Lord Roberts herdoop na die Engelse koningin. Die verdiepingvlak is later, maar voor 1902, bygevoeg. Gietysterkolomme op die stoep en die balustrade van die balkon is teen 1945 vewyder en vervang met die huidige kolomme en pleistermuur. Baie van die oorspronklike toebehore is steeds in gebruik, onder andere die kroegtoonbank en verskeie geelkoperornamente. Die houttrap met 'n St Georgebeeld aan die onderpunt van die handreling, gebrandskilderde vensters, persstaalplafonne, houtvloere en gebakte vloerteëls dra by tot die histories-argitektoniese belang van die gebou.



Sover bekend is dit die oudste bestaande hotel in die stad en een van weinig oorblywende Victoriaanse geboue. Die prominente ligging in 'n bedrywige gebied maak dit moontlik om die gebou ekonomies te laat voortbestaan, hoewel deeglike restourasie eers nodig is. Dit is 'n landmerk en verdien prominente aandag in alle toekomstige beplanning van die stasiegebied. 'n Aanbeveling as nasionale gedenkwaardigheid sal hiertoe bydra om te verseker dat die Victoria Hotel die beskerming en aandag kry wat dit verdien. Bron: UP Dokumentasie.

ADRES	Scheidingstraat 170 – 178, tot h/v Christina
ERFNOMMER	Deel van 3285 – Blok 25
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel



Twee geverfde winkelgeboue langs mekaar en teen die sypaadjie met groot uitstalvensters. Die oostelike gebou (Scheidingstraat 176 en 178) rig 'n gewelmuur na die straat, waaragter 'n sinksaaldak versteek is. Muur- en hoekpilare en 'n profileerde pedimentlys dui daarop dat die eenvoudige winkel vroeër beter daaruit gesien het. Scheidingstraat 170 tot 174 is opgedeel in drie winkels, met 'n plat borswering oor die kantwinkels en 'n lae holbol gewel oor die sentrale. Beide is effe verander en het waarskynlik verandas oor die sypaadjie gehad.


Die geboue is minder belangrik as die aktiwiteit wat hul genereer. Die winkels word deel van die sypaadjie en andersom. Dit opsigself maak 'n bydrae tot 'n besige straat wat ver tekortskiet om selfs in die bestaande gebruikers se behoeftes te voorsien.

4.9 PAUL KRUGERSTRAAT



Van al die strate van die middestad hou Kerkstraat en Paul Krugerstraat die meeste van die fisiese geskiedenis van Pretoria – as plek – in pag. Kerkstraat loop die hele lengte van die vallei en verduidelik groei deur die moontlikheid wat dit bied tot verandering en verbreding. Dit reik uit na die omgewing en verbind daarmee. Oor die onbeperkte lengte van die straat merk Paul Krugerstraat 'n posisie, plek en kern. Die werklike hart van die stad – die stad self – is waar hierdie strate kruis, ten spyte van die latere (en doelbewus orkestreerde?) kommersiële dwang na die ooste waardeur die ander kant van di stad geïgnoreer is. Paul Krugerstraat hou hierdie twee dele bymekaar en skep die geleentheid vir die hereniging daarvan.

Die straat, vasgevat tussen die heuwels, verduidelik plek, onveranderende waardes, sekuriteit. Dit het min verander en die oorspronklike karakter het behoue gebly: Kerkplein in die middel van twee ewe lang strekke na die noorde en suide, beide sterk geperk en gedefinieer deur heuwel, helling en geboue.



Paul Krugerstraat (toe Markstraat) teen ongeveer 1910 na die suide vanaf die kruising met Pretoriusstraat gesien

Langs die suidelike gedeelte wat teen die stasie doodloop is die Raadsaal, die Transvaal Museum en die Stadsaal. Tussen Kerk- en Pretoriusplein is die straatwande die meeste gebreek, en nou veral deur die skeur wat gemaak is vir die verbreding van Skinnerstraat. Skade is herstelbaar. Riglyne behoort neergelê te word vir bouwerk om Pretoriusplein om sorg te dra dat die potensiaal daarvan as stedelike plek ten volle uitgebuit word.

Die stasie en heuwelrug sluit die kort straatdeel suid van die Stadsaal af en verhef die plekkarakter daarvan. Netjies en stedelik sensitiewe, eerder as argitektonies of historiese waardevolle, geboue aan weerskante van die straat erken en voltooi die situasie wat Sir Herbert Baker met die plasing van die stasie in gedagte gehad het. Die ongerigte veranderings, padverbredings en padverleggings in en om die stasieplein versteur egter die beeld waar Paul Kruger daarin doodloop.

Enige beplanning van die stad behoort die bestaande en potensiele kwaliteite van hierdie mees Pretoriase van strate in ag te neem.

Met die Voortrekker-eeufees in 1938 is die naam van Markstraat na Paul Krugerstraat verander. Dit herdenk die Staatspresident van die Zuid Afrikaanse Republiek vanaf 1883. Hy is in 1904 in Switserland oorlede – twee jaar nadat die Anglo-Boereoorlog tot 'n einde gekom en die ZAR sy onafhanklikheid verloor het.

ADRES	Paul Krugerstraat 357
ERFNOMMER	3101 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK	Pretoria-tak: Land- en Landboubank van Suid-Afrika

Drieverdieping rooi baksteengebou met sentrale poort onder uitgeboude daktoring na die agterplaas en a-simmetries geplaasde hoofingang. Muurvlakke in vakke ingedeel deur middel van pilasters wat met sandsteen op die springvlak van die gedekoreer is; kapitele is eweneens van sandsteen, soos 'n gedeelte van die trapmuur na die hoofingang.

Swaairaamvensters van staal waarvoor driekwartlengte houthortjies is sentraal in elke vak geplaas. Geboogde vensters verleen lig aan die semi-keldervloer. Die vak-indeling en gelede buitewand is tot die Paul Krugerstraatkant beperk, ander mure is dienlik en ongeleed.

Die hoofingang is op die eerste verdieping. Dit is 'n eenvoudige geboogde opening waarom 'n breë band van sandsteen en word bereik deur middel van 'n graniettrap. Die ingangsportaal is klein en saaklik.

Die suidelike gedeelte van die gebou is in 1915 voltooi, die sentrale gedeelte in 1922 en die noordelike gedeelte, wat steeds bestaan, in 1932. Met die oprigting van die Hannes Smitgebou is die eerste gedeeltes verwyder. Die argitek van die noordelike gedeelte was Gerard Moerdijk.

Die gebou toon sterk ooreenkomste met die Eerste Nasionale Volksbank (ca 1930) en die Nederlandse Bank (1897) op Kerkplein, selfs wat die a-simmetriese ingange betref. Dit is 'n tydgenoot van Herbert Baker se Reserwebank. Dit is in 'n goeie toestand, maak deel uit van die netjiese straatwande wat Paul Krugerstraat steeds kenmerk en is belangrik as voorbeeld van stadsargitektuur uit die jare dertig – die



dekade waarin argitektuur in Pretoria weer 'n hoogtepunt, vergelykbaar met die einde van die vorige eeu, beleef het. Bron: Planafdeling Stadsraad van Pretoria.

ADRES Visagiestraat 192, h/v Paul Kruger
ERFNOMMERS 693/R, 693/1 en deel van 3101 – Blok 13
HUIDIGE GEBRUIK Land- en landboubank van Suid-Afrika: Hannes Smitgebou, Kyk Visagiestraat

ADRES Paul Krugerstraat, tussen Visagie en Minnaar
ERFNOMMER 2573 – Blok 18
HUIDIGE GEBRUIK Stadsplein: Pretoriusplein



'n Groot, oop stadsruimte voor die stadsaal, gerig na Paul Krugerstraat en die Transvaal Museum en met parking teen Visagie- en Minnaarstraat. Die formele roete na die stadsaal begin met 'n halfronde terugsetting teen die sygaardjie, waar 'n bronsfiguur van MW Pretorius tussen twee bronsreliëfs wat die stadstigting en eerste kerkie gedenk. Wes hiervan is twee leliepoele met die ruitbeeld van Andries Pretorius daartussen. Grasperke, fonteine, formele beddings, siergesnoeide bome en sitbankies strek weerskante van die sentrale roete wat met los fyngruis uitgelê is.

Die plein neem 'n groot hap uit die stadsweefsel, maar slaag nog nie daarin om dit oortuigend te beset nie. Vanweë die uitgestrektheid van die publieke area verdien die definisie daarvan aandag. Die sagte wand van jakarandalanings teen die straat hou die ruimte skaars in. Die sterkste wand is dié langs Visagiestraat; suid van Minnaarstraat word dit onseker.

As oop ruimte bied dit die besoeker min. hoewel dit oor die potensiaal beskik om 'n bruikbare en lewendige plek te word. Voor dit moontlik is moet aandag gegee word aan die beplanting, veral ten opsigte van skaduwee, en die werklike funksie van groen sones in die beboude omgewing.

Pretoriusplein het sentimentele kultuurhistoriese waarde en is belangrik as aantrede tot die stadsaal. Die poele en beeldhouwerk van Coert Steynberg is in 1955 met die eeufeesviering van die stad aangebring.

ADRES Pretoriusplein, Paul Krugerstraat tussen Bosman, Visagie en Minnaar
ERFNOMMERS 877, 878/R. 878/1,881/R, 881/1,882/R, 882/1 – Blok 18
HUIDIGE GEBRUIK Stadsaal



Vleuels van drie verdiepings en simmetries om die middel grens aan Pretoriusplein, met sentrale porte cochère en oprit. Solide granietkolomme met gekerfde flora kapitele steun die pediment, gekerf met timpanum deur Steynberg, waarbo die reuse klok- en horlosietoring uitstaan. Rofbewerkte grys graniet is vir die plint gebruik, en daarbo betonblokke met 'n granietgruis buitelaag om dit die voorkoms van soliede graniet te gee. Die dienskante is gepleister en met vlak voeë. Houtrame in die vensteropeninge en daarbinne is staalrame. Klei-teëls op die saamgestelde skilddakke.

Soliede kaaatdeure met gekerfde boligte maak oop op die hoofportaal met Italiaanse en Sweedse marmervloere en gepaarde



toskaanse kolomme van rooi graniet. Die plafon is 'n samestelling van tonnel- en ander gewelwe, waartussen ligkanale versink is. Noord en suid lei breë trappe na die boonste vloere. Die hoofsaal – met doelgemaakte kandelaber van ru-brons, 'n orrel van WW Kimball (Chicago) en Lusanga-houtvloer – is eweredig in traveë ingedeel, met 'n galery oos en loges daarlangs en teen die noorde- en suidemure. Ook in die kompleks is 'n soepeesaal en die Pretoriussaal, laasgenoemde met 'n verhoog; ook raadskamers, kantore en diensruimtes.

Buiten die sale, wat verhuur word, huisves die gebou personeel-dienste van die Stadsraad, terwyl baie van die ruimte vir store aangewend word. Die buitekant is teen 1986 gerestoureer toe ook die dak vervang moes word; die interieur sal binnekort herstel word. Hierdie broodnodige herstelwerk ly egter onder finansiële stremminge, sodat elemente soos die toringhorlosies en die eens gewilde klokkespel reeds vir jare nie na behore funksioneer nie en bes moontlik ook nie in die afsienbare toekoms weer sal werk nie. Buiten die skulptuur van Steynberg is daar ook 'n muurskildery van Walter Battis in die portaal.



Die weninskrywing van Mackintosh en Hall vir die Stadshuis. Volgens die Stadsraad van Pretoria (1952) is die ontwerp afgeskaal en vereenvoudig omdat die twee torings te sterk aan die Uniegebou herinner het, hoewel dit ook kon wees as gevolg van die depressie

Die eerste stadshuis het op die noordoostelike hoek van Kerkplein gestaan en is in 1894 gesloop om plek te maak vir die Paleis van Justisie. Hierna is 'n tweede stadsaal noord van Pretoriusstraat opgerig. In 1926 is 'n prysvraag uitgelooft vir 'n nuwe stadsaal en 42 planne was gekeur, waarvan dié van FG Mackintosh en JL Hall die suksesvolle was. Mackintosh sterf egter in dieselfde jaar en Hall moes die ontwerp realiseer. Die hoekstene is in 1931 gelê deur onderskeidelik JJS Smit, administrateur van Transvaal en die Graaf van Clarendon, goewerneur-generaal van die Unie, en die gebou is in 1935 in gebruik geneem. Die vertraging van 1926 tot 1931 is moontlik te wyte aan die depressie wat die land toe geteister het.

Die belang van die gebou is argitektonies – die vry Renaissance ontwerp is tipies van die eklekties-klassisisties styl van amptelike geboue van die tyd, soos ook die verwysings na plaaslike fauna en flora. Die stadsaal is van kulturele, historiese en stedelike waarde.

Teaters soos die Aula en Staatsteater het die stadsaal as fasiliteerder van uitvoerings vervang en dit is jammer dat veral die meesterorrel nie meer dikwels gebruik word nie. Hierdie situasie is volgens F Viljoen, argitek, veroorsaak deur die swak akoestiek in die hoofsaal. Dit het meer onlangs 'n gewilde plek vir politiekery en massavergaderings geword. Bron: Francios Viljoen & Meuwissen, argitek; A Lichtenburg, Steynbergmuseum; Walker (s.a.).



ADRES	Minnaarstraat 187, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	888, 889, 890 – Blok 21
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore vir Spoornet: NZASM-Gebou Kyk Minnaarstraat

ADRES	Jacob Maréstraat 184, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	894, 895, 896 – Blok 21
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: Samewerkinggebou, Kyk Jacob Maréstraat

ADRES	Paul Krugerstraat 507 – 517
ERFNOMMER	947/7 – Blok 24
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel en woonstelle: Paul Kruger Court

Agtverdieping, simmetriese gebou met drie indelings waar balkonne na die straat rig tussen siersteenmure. 'n Straatdak projekteer oor die sygaardjie en winkelingange.

Sterkeenvoudige gebou wat deel is van die straatmuur langs Paul Krugerstraat. Verdere belang lê in die woonplek wat dit in die stad bied.

ADRES	Paul Krugerstraat 519
ERFNOMMER	947/2 – Blok 24
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel en woonstelle: Tafelberggebou

Nege verdiepings hoog met winkels teen die sygaardjie en kantelblad daaroor. Tussen verdiepings projekteer 'n argitraafraam met 'n horisontale vensterband daartussen wat uitstaan op die noordoostelike hoek. 'n Geponsde blad sweef oor die dak en die betonstruktuur is geveer, met siersteen muurvlakke tussenin.

Nog 'n Pretoriase Moderne gebou wat funksionaliteit nastreef. Buiten dat dit 'n bepaalde tydgees uitbeeld is dit van belang as woonplek en



as deel van die straatwand in Paul Krugerstraat.

ADRES	Scheidingstraat 200, h/v Paul Kruger
ERFNOMMER	962 – Blok 24
HUIDIGE GEBRUIK	Hotel: Victoria, Kyk Scheidingstraat

4.10 VOLKSTEMLAAN



'n Enkelbaan eenrigtingstraat na die suide tussen Pretorius- en Schoemanstraat. Hoewel dit soos Skinnerlaan, Hoopstraat en Christinastraat geen belangrike ingang bedien nie, gebruik voetgangers dit, soos Queen- en Sentraalstraat, as 'n deurroete. Dit is ruimtelik meer geslaagd as eersgenoemdes in hierdie kwadrant omdat die straat stewig ingehou word deur gebouwande.

ADRES	Pretoriusstraat 171, h/v Volkstemlaan
ERFNOMMER	457/R – Blok 4
HUIDIGE GEBRUIK	Museum en kantore: Suid-Afrikaanse Polisie (Compolgebou) Kyk Pretoriusstraat

ADRES	Pretoriusstraat 159, h/v Volkstemlaan
ERFNOMMER	456 – Blok 5
HUIDIGE GEBRUIK	Werkswinkel: Polisiemuseum (DeVolkstemgebou), Kyk Pretoriusstraat

4.11 BOSMANSTRAAT



Hoewel nou 'n eenrigtingstraat na die noorde bly die heuwelrif agter die stasie 'n belangrike komponent van Bosmanstraat. Verder word dit gekenmerk deur die jakarandas aan weerskante wat die straatruimte teen die heuwel afsluit en waaragter die hoë geboue van die binnestad uitstaan. Dit is jammer dat die boomrye juis in die middestad – vanaf Pretorius- tot by Kerkstraat – onderbreek word. Dit kan en behoort herstel te word.

Die naam dateer vanaf 1942 toe Kockstraat na Bosmanstraat herdoop is. Dit is vernoem na dr HS Bosman, predikant van die Groote Kerk tot 1926 en Superintendent van Onderwys in die ZAR (1879-82). Bron: Andrews & Ploeger (1989); De Kock (1968).

ADRES	Kerkstraat 149 – 143, h/v Bosman, asook Bosmanstraat 211
ERFNOMMERS	362/1 & 362/6 – Blok 1
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel, Kyk Kerkstraat

ADRES	Pretoriusstraat 258, h/v Bosman
ERFNOMMER	455 – Blok 5
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: Maritime House, Kyk Pretoriusstraat

ADRES	Bosmanstraat 291, h/v Schoeman
ERFNOMMER	502 – Blok 6
HUIDIGE GEBRUIK	Doeane- en Aksynsgebou



Twee geboue wat deur middel van 'n grensmuur saamgeskakel word. Die Ykgebou is ses verdiepings hoog en teruggesit vanaf beide Schoeman- en Bosmanstraat om ommuurde tuingedeeltes (vandag verwaarloos) tussen gebou en sypaadje te vorm. Die hoofingang, 'n onopsigtelike weggesnyde opening in die streng straatwand, word beklemtoon met behulp van terrazzo blombakke en trappe.

Die grondvloer is met terrazzo afgewerk; andersins bestaan die straatfasade uit donkerbruin rustieke siersteen waarin staalvensters reëlmatig geplaas is. Die borsweringrand van die platdak is met 'n dun terrazzolys afgewerk. Die trap- en hysbakskag aan die westekant is meer ekspressief benader en is binne 'n effe geboogde uitbouing vervat. Die brandtrap van staal is los teen die fasade aangebring. Klein vensters is diep in die mure binne terrazzorame teen die westeson geskerm.

Die Doeanegebou is ook vanaf die straat teruggesit, maar die losverbinde ingangsportaal en trap projekteer tot teen die sypaadje aan die suidekant. Dit is drie verdiepings hoog waarvan twee bokant die straatvlak. Vensters is soos die aan die westekant van die Aksynsgebou hanteer. Voertuigingange lei na 'n verlaagde parkeer-ruimte en 'n groot oop hof in die noordwestehoek tussen die geboue.

Die presiese oprigtingsdatum van die geboue kan nie opgespoor word nie, maar dit dateer waarskynlik uit die middeljare vyftig. Dit was die ontwerp van Gordon McIntosh in samewerking met Burg & Lodge – 'n vennootskap wat later ook vir die Kunstgalerie in Arcadia verantwoordelik was.

Teen hierdie tyd het McIntosh wegbeweeg vanaf die wit heroïese styl

van die jare dertig en hom op die funksioneel verantwoordbare argitektuur toegelê. Die benadering sluit sonder moeite by die reeds ontwikkelde konsepte van Burg & Lodge aan. Hierdie was óf 'n gelukkige assosiasie, óf Burg had moontlik die grootste sê met die finale produk. Die streng sekerheid van die geheel is nuut.

Landmerk en uitsonderlike voorbeeld van 'n staatsgebou uit die jare vyftig, alvorens die invloed van die Brasiliaanse skool in Pretoria die oorhand gekry het. Bron: Burg Doherty Bryant en Vennote, argitekte.

ADRES Bosmanstraat 320, h/v Schoeman
 ERFNOMMER 551 – Blok 9
 HUIDIGE GEBRUIK Kantore vir Raad op Plaaslik Bestuurs-
 aangeleenthede: HB Philipsgebou

'n U-vormige gebou met oop, beplante binnehof na Bosmanstraat waar twee loopbrûe op piloti die eerste- en tweedevloere van die suidelike en noordelike vleuels verbind. Trapskag teruggesit van binnehof; suid nege verdiepings en noord agt verdiepings met 'n verdiepinghoë projeksie na die sypaadjie. Geverfde betonwande, horisontaal onderbreek vir staalraamvensters en balkonne. Hol betonblokke gebruik voor diensopening, brise-soleil voor van die westelike vensters.

Die gebou is deur CB Swanepoel van C Straus Brink Argitekte ontwerp en is in 1957 voltooi. Nog 'n ondubbelsinnig Moderne gebou met impliseerde verwysing na die Brasilië-styl. Hoewel ekspressief van struktuur en funksie is die ontwerp meer pragmaties en daarom meer Pretoriaans as die Vleisraad of Provinsiale Administrasiegebou. Die gebou beset die straathoek volledig en beplanting dra by tot die sypaadjie in Bosmanstraat.

ADRES Skinnerstraat 149, h/v Bosman
 ERFNOMMER 2960 – Blok 14
 HUIDIGE GEBRUIK Kerk: Cathedral of the Sacred Heart
 Kyk Skinnerstraat

ADRES Visagiestraat 152, h/v Bosman
 ERFNOMMER 689 – Blok 13
 HUIDIGE GEBRUIK Kantore en die Nywerheidshof: Continental-
 gebou, Kyk Visagiestraat

ADRES Visagiestraat 139, h/v Bosman
 ERFNOMMER Deel van 900-905, 909-912 – Blok 19
 HUIDIGE GEBRUIK Ongebruik: Munthuis, Kyk Visagiestraat

ADRES Bosmanstraat 449, h/v Minnaar
 ERFNOMMERS 913-914 – Blok 19
 HUIDIGE GEBRUIK Ambulansdienste

'n Kompleks in 'n U-vorm teen die straat, met 'n binneplein oop na die weste. Teen Bosmanstraat is 'n dubbilverdiepingvleuel: simmetries om die middel, waar die noodvoertuig-uitgange in 'n profileerde argitraafraam, 'n skaapboudgewel en 'n lanternspits op die nok. Wes van dié gebou loop twee eenderse vleuels aan die noorde- en suidekant om die binneplein. Die siersteenmure is nou geverf en balkonne is teruggesit van die dakoorhang. Hout-skuifraamvensters, hout- en granolietvloere, houtplafonne regdeur.

Die gebou is as brandweerstasie in 1912 (hoeksteen) opgerig en is



ontwerp deur Cowin & Powers Argitekte (CE Bingleton word as uitvoerende amptenaar op die hoeksteen aangegee). Die embleem van die brandweerroed kom nog teen die geutkaste voor. Gietyster-kaggels met houtrame, vierkantige teëls en bosseleerde koperplate is in baie kantore en enkelkwartiere behou. Die oorspronklike houtdeure is voor die voertuiguitgange verwyder en vervang met oproldeure van staal. Die kompleks is histories, kultureel en argitektonies van belang. Die voortgesette gebruik het verseker dat baie van die toebehore bewaar en onderhou word. Die hoofgeboudak wat s-profiel plaat-metaal was, is nou ongelukkig vervang met geribte plaat. Die geheel is ongeskonde ten spyte van sommige veranderinge; dit benodig restaurasie en verdien om bewaar en gebruik te word. Bron: Studio 3, argitekte.

ADRES	Bosmanstraat 499, tussen Minnaar en Jacob Maré
ERFNOMMER	Deel van 3367 – Blok 22
HUIDIGE GEBRUIK	Brandweer, Hoofkwartier



'n Kompleks met enkelkwartiere, opleidingsentra, kantore en 'n brandtoring. Die kantore is op die grondvlak van 'n drie verdiepinggebou teen Minnaarstraat; hierdie vlak is teruggesit van die woonkwartiere daarbo en met 'n donker siersteenwand en piloti van die grond gelig. Die fasades is horisontaal ingedeel met deurlopende vensterbande tussen projekterende blaaië met balksteun. Die voertuiguitgang is teen Bosmanstraat met groot hout-en-glasdeure tussen kolomme.

Hierdie geboue is in 1969 in gebruik geneem toe die brandweer 'n tweede keer verskuif is (kyk Bosmanstraat 449 en foto onder). Die Moderne siening van die stad is leesbaar in die plasing van die gebou. Net soos die ou brandweerstasie is dit op 'n hoek geleë, maar daarvan weggehou deur tuin. Die gebou is so "losgemaak" van sy konteks en visueel gelig van die grond. Funksie word uitgedruk in losstaande gebouvorms wat saamgebind word deur materiaalgebruik en strukturele ekspressie.



Die eerste brandweerstasie op die hoek van Schubart- en Minnaarstraat. Dit is in 1912 vervang deur die gebou op die hoek van Bosman- en Minnaarstraat (huidige ambulansdienste)

ADRES	Jacob Maréstraat 157, h/v Bosman
ERFNOMMER	942/R – Blok 26
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel, Kyk Jacob Maréstraat

ADRES	Jacob Maréstraat 149, h/v Bosman
ERFNOMMER	2833 – Blok 27
HUIDIGE GEBRUIK	Kommersieel en minibustaxi-staanplek: Dairy Mall, Kyk Jacob Maréstraat

4.12 SCHUBARTSTRAAT



Schubartstraat loop teen 'n lang opdraande na Salvokop suid van die stad. By die treinspoor draai dit meteens om styf teen Potgieterstraat die stad te verlaat. Dit is een van die meer geeslose strate van die stad en al wat in die geheue oorbly is moontlik The Crack – 'n mindere visuele landmerk naby die uitgang van die binnestad. Schubartstraat bied 'n goeie beeld van die vernietiging van die stedelike vesel, geheue en orde wanneer die motorvoertuig en sy vereistes eksklusief vooropgestel word en beplanning op gemak alleen, en ten koste van begrip en ondervinding, gerig word.

Anton Schubart was 'n Hollandse immigrant wat hom na 1854 in Potchefstroom gevestig het en 'n ondersteuner van die stigting van Pretoria. In Potchefstroom was hy aanstigter en eerste kurator van die museum en van ca 1890 tot 1893 was hy die kurator van die Staatsmuseum in Pretoria. Bron: Andrews & Ploeger (1989).

ADRES	Pretoriusstraat 137, h/v Schubart
ERFNOMMERS	Deel van 449-454 – Blok 6
HUIDIGE GEBRUIK	Landroskantoor, Kyk Pretoriusstraat

ADRES	Skinnerstraat 99, h/v Schubart
ERFNOMMER	640 – Blok 15
HUIDIGE GEBRUIK	Padkafee, restaurant en diskoteek: The Crack, Kyk Skinnerstraat

ADRES	Visagiestraat 105, h/v Schubart
ERFNOMMERS	Deel van 900-905, 909-912 – Blok 19
HUIDIGE GEBRUIK	Ou Suid-Afrikaanse Munt, Kyk Visagiestraat

4.13 POTGIETERSTRAAT



Die krag van Potgieterstraat as 'n poort tot die stad vervaag waar dit onderdeur die treinspoor duik om die middestad in te gaan. Suid van die spoor bied die ingangstroete blikke oor die stad, waarna dit onder bome die straat bereik. Die ou tronk is nou ongelukkig funksioneel gemasker, maar die historiese belangrike militêre geboue baken die ou grens van die stad met sekerte.

Noord van die spoor is daar 'n ongemaklike en onseker aansluiting langs Schubart- met Jacob Maré en Minnaarstraat waarvan 'n verlore entjie skielik weer verskyn en verdwyn. Die hoë geboue van die stad is sigbaar. Van hier loop die straat teen die bult af en tussen 'n versameling geboue en straatmure deur wat faal om die ruimte te bely. Die swak wande word verder weggevreet deur teruggesette motorhawens by vele straathoeke. Die motorhawens en motor-dienste breek ook die boomlanings sonder patroon, rede of simpatie. Onbeplande terugsettings, ooptes, materiale, vorms, groottes, kleure en tydelike hernuwings wedywer om eie aandag en vernietig die straat. Sypaadjies is onnet en onversorg. Hierdie wartaal trotseer stedelike betekenis.

Op die eerste kaart van Pretoria is die straat naamloos. Dit het miskien nog nie bestaan nie óf moontlik was daar twyfel of 'n straat in Pretoria, wat na Andries Pretorius heet, na Hendrik Potgieter met wie hy nie goed oor die weg gekom het nie, genoem sou kon word. Potgieter het net deur die gebied van Pretoria na Schoemansdal getrek. Bron: Andrews & Ploeger (1989); De Kock (1968).

ADRES	Pretoriusstraat 52, h/v Potgieter
ERFNOMMER	2982 – Blok 2
HUIDIGE GEBRUIK	TOD-Streekkantoor, Noord-Transvaal Kyk Pretoriusstraat

ADRES	Potgieterstraat 313
ERFNOMMER	Deel van 538 – Blok 12
HUIDIGE GEBRUIK	Stoor




Langwerpige, enkelverdieping gebou teen Potgieterstraat met geribde plaatmetaal platdak, gepleisterde baksteenmure. Die simmetriese straataansig toon enkele sierelemente, waaronder 'n boog oor sentrale deur en kolomme op plinte weerskante van beide vensteropeninge. Die plinte was vroeër, tesame met die boog en kantmure, tot op deurhoogte siersteen, maar is nou geverf. Die oorspronklike vensterrame is vervang met staal- en aluminiumrame. Twee voorvertrekke het persstaalplafonne, die res sonder plafon met betonvloer in swak toestand.

Die gebou was voorheen 'n saal en het nog 'n verhoog en klein kelder daaronder. Die gebruik as pakhuis noodsaak 'n groot staaldeur op die noordmuur en instandhouding strek net sover as wat 'n stoor vereis. Van die vermengde koloniale styl op straataansig is min binne sigbaar. Die gebou is met moeite herstelbaar en is slegs van historiese waarde. Dokumenteer fotografies.

4.14 SKINNERLAAN, HOOPSTRAAT EN CHRISTINA- STRAAT

Hierdie drie strate is almal enkelbaan eenrigtings waarna geen geboue front nie en as deurgange tussen groter strate gebruik word – soos motorarkades binne die groot Pretoriase blokke. Christinastraat en Hoopstraat word druk deur die Taxis van die Bosmanstraatstasie gebruik; andersins word hulle gekenmerk deur straatmure, heinings, doringdraad, verkeerstekens of syingange van geboue wat eerder na ander strate kyk.



4.15 PRINSEPARKLAAN



Die straat is vernoem na die park daarnaas, wat volgens Andrews en Ploeger self drie keer van naam verander het totdat dit in 1904 na Prins Christian Victor van Schleswig-Holstein, 'n lid van Roberts se personeel, verdoop is. Dit is die laaste straat in die suidwestelike kwadrant en loop langs die Steenovenspruit. Aan die oostekant loop Pretoriusstraat daarteen dood en die straat self maak 'n T-aansluiting met beide Kerkstraat en Visagiestraat.

Prinseparklaan is besig as verbinding tussen ander strate en het feitlik geen besigheidsadresse, behalwe die van AVBOB, nie. Dit is 'n onseker plek, met oop parkgebied tussen die spruit, Skinner- en Kerkstraat. In die deel tussen Kerk- en Pretoriusstraat is tydelike motorafdakke aangebring.

Die straat is afgeskeep en sonder eieregtige assosiasie. Die padruimte, gedefinieer deur boomlanings, is die sekerste kwaliteit daarvan.

Wes van die straat staan 'n eikeboom binne 'n ringmuur – 'n saailing van die boom in 1904 deur die moeder van Prins Christian Victor van Schleswig-Holstein geplant. Die oorspronklike boom, wat nader aan Schoemanstraat gestaan het, het gevrek en die ringmuur is verskuif na die saailing. Bron: Andrews & Ploeger (1989); R van der Merwe, Parke en Ontspanning, Stadsraad van Pretoria.

ADRES	Kerkstraat 3, h/v Prince's Parklaan
ERFNOMMER	345 – Blok 3
HUIDIGE GEBRUIK	Kantore: AVBOB-gebou, Kyk Kerkstraat

ADRES	Pretoriusstraat 3, h/v Prinseparklaan
ERFNOMMER	437 – Blok 8
HUIDIGE GEBRUIK	Kerk: Nuwe Apostoliese Kerk Kyk Pretoriusstraat



5 LYTE VAN WAARDEVOLLE ELEMENTE

In hierdie afdeling word die moeilike, maar onvermydelike taak van evaluering aangepak. Dit is gedoen teen vaste kriteria vir besluitneming van plekwaarde. Elke plek is teen elke kriterium getoets.

Kriteria was eerstens die argitektoniese – die kwaliteit van ontwerp en uitvoering, die tipologie, die voorbeeldige en teoreties kragtige, die belang van die skepper/maker.

Ontwerpkwaliteit is as belangrik beskou en so ook die uniekheid van 'n plek. Geboutipe is ondersoek, ook in verband met ander geboue wat dieselfde funksie vervul en in die verskyning, ontwikkeling en verdwyning van die funksie. Voorbeelde wat goeie rekord hou van sekere periodes, filosofieë en style is teen ander uit dieselfde tydperk of in dieselfde idioom evalueer. Plaaslike oorspronklikheid of afwyking van die groter strewe en assosiasie met veral belangrike argitekture was, waar bepaalbaar, sterk oorwegings vir die in- of uitsluiting van plekke.

Stedelike kwaliteit was 'n tweede oorweging. Hier is veral na die kontekstuele waarde as deel van 'n groep opgelet. Sommige plekke is landmerke in die stad, terwyl hulle argitektoniese waarde van mindere belang mag wees. Hulle word aangedui. Ander help om stedelike ruimtes te maak sonder dat hulle aan enige ander kriterium voldoen.

'n Derde oorkoepelende kriterium was die toestand van plekke. Eienskappe soos die bewaarde oorspronklikheid van die eerste vorm, simpatieke en sorgelose veranderinge en die huidige fisiese toestand is in die oog gehou. Dit help om ook hulle ekonomiese belang en moontlike herbruikbaarheid te bepaal.

Waar enigsins moontlik is historiese inligting en datums van oprigting aangedui en bronne verskaf, laasgenoemde bruikbaar vir verdere ondersoeking, maar die belangrikste bly die geheel of bepaalde gedeeltes wat hierdie geheel help vorm. Daar is te alle tye gepoog om die wyer omgewing, eerder as die ontwikkelde of onontwikkelde erf of ruimte, in gedagte te hou.

Elke plek is aan hierdie kriteria onderwerp. Hoe hulle hieraan voldoen word hierna uiteengesit, ook op 'n visuele manier wat toelaat om 'n onmiddellike beeld van die belang te vorm, sonder om noodwendig een kriterium as van groter waarde as die volgende te ag.

Afgesien van die individuele evaluering is kaarte van die posisies van hierdie plekke voorberei. Hulle skep leesbare gestaltebeelde van die hele middestad. Kyk figure 5.1 en 5.2.

5.1 Pretoria, 'n oorsig

Ten spyte van die kulturele pogings in die honderd-en-veertigjarige bestaan van Pretoria as uitspanning, gehuggie, dorp, stad bly die sterkste kenmerke van die hoofstad die natuurlike.

Die stad lê in die vou van 'n vallei tussen die ewewydige rante, 'n moot wat van oos na wes loop. Hierbinne is die stadsruit afgedruk met Paul Krugerstraat op 'n lae heuwelrug, sentraal tussen die Apiesrivier en die Steenovenspruit. Die riviere perk drie grense van die middestad, wat geleidelik in sy geheel vanaf die suidelike heuwel, as vierde grens, na die Apiesrivier teen die Witwatersberge in die noorde val.

Die topografie het die natuurlike deurgange benadruk. Hulle bestaan steeds. Twee belangrike toegangsroetes uit die suide loop deur Elandspoort – een deur die Fonteinedal om die stad vanaf straathoogte te betree, die ander hou hoog langs die heuwel en bied 'n panoramiese uitsig oor die geheel alvorens dit langs Potgieterstraat deel van die stad word. Soortgelyke poorte, die (gemaakte) Zoopoort en die Elandspoort, langs Paul Krugerstraat en Wonderboompoort na die noorde verduidelik die heuwelreekse waartussen die stad en sy voorstede nestel. Langs Kerk- an Pretoriusstraat word die hoofvallei duidelik en word die stad tussen die heuwels betree, word die Apiesrivier en die bog om die Caledoniese terrein stadsmuur en ingang tot die binnestad.

Die toegang is bates en behoort as sodanig beskou en gemaak te word sodat die visuele drama van betreding tot in die stad geneem word. Op die oomblik verloor beide die toegang deur die Fonteinevallei feitlik alle belang waar hulle by die stad aansluit – op punte wat deur “funksionele” padbeplanning fragmenteer is.

Die swakste toegang is vanaf die weste. Hulle toestand is veral te wyte aan die verwydering van die stadsweefsel. Alle toegang het hulle potensiaal behou. Toekomstige ontwerp en stadmaak moet hulle in ag neem.

Dieselfde kan van die riviere en hulle oewers gesê word. Hulle is meer afgeskeep as die heuwels en die toegang, maar bly steeds werklike stedelike elemente wat met min koste en ongemak tot groot voordeel van die stad en sy inwoners ontwikkel kan word. Hierdie voorstel is so oud soos die heuwels en onnodig om hier te herhaal, behalwe om daarop te wys dat die moontlikheid nog nie ondersoek en uitgevoer is nie.

Oop ruimte

Die staduitleg is direk en eenvoudig 'n intellektuele en traditiewe voetspoor afgedruk oor die natuurlike. Die ruit volg die rigtings van die twee hoofstrate wat in die middel kruis en waar 'n plek of plein gemaak is. Die stadsrand volg die patroon van die natuurlike elemente soos die heuwels en riviere.

Geskepte oop plekke komplementeer die natuurlike. Hiervan is die belangrikste Kerkplein en Burgerspark wat hulle argitektonies-stedelike kwaliteit bly behou het. Pretorius-plein, die Stasieplein, Sammy Marksplein en die Staatsteaterplein beskik verder oor die potensiaal om vername stedelike ruimtes te word – meestal deur eenvoudig riglyne vir die ontwikkeling daarom neer te lê, eerder as om groot onkoste aan te gaan om dit te bereik. Moontlik het stadige groei-tot-stad vandag die uitgangspunt geword, in plaas van die Moderne ontwerp-tot-stad. Aandag is veral nodig om die Stasieplein tot sy reg – as plek en toegang – te laat kom.

Onverwagse stedelike ruimtes van betekenis is die suidelike strek van Paul Krugerstraat tussen stewige geboude asook Minnaarstraat (tussen Van der Walt- en Prinsloostraat) en Boomstraat (tussen Paul Kruger- en Du Toitstraat) wat deur boomwande ingesluit word. Hierby kan die oop ruimtes om godsdienstige geboue gereken word: Krugerkerk, Grootekerk, Du Toitstraatkerk, St Alban's Katedraal, Katedraal van die Sacred Heart, die ou Sinagoge. In teenstelling hiermee is die oop ruimtes om die Reserwebank en die Poskantoorgebou in Vermeulenstraat. Hulle verduidelik nie die stadskonsep nie, maar trag hulleself te verwyder daarvan.

Kwadrante

Kerkplein, wat om praktiese, redes as geheel beskou is as deel van die suidoostelike kwadrant, bly argitektonies en stedelik die hart van Pretoria, en dit ten spyte van die doelgerigte (?) kommersiële ontwikkeling na die ooste wat baie van die bedrywighede weglok. As 'n enkele plek is die plein en sy wandgeboue van groot waarde. Dit word ook grafies duidelik wanneer hierdie geboue aan die kriteria getoets word.

Die suidoostelike kwadrant is 'n digbeboude gebied wat gevoed word met die lewe van Sunnyside. Die werklike en potensiële kwaliteit van Pretoria word hier die duidelikste gestel, veral in die verskeidenheid van geboutipes – skole, kerke, besighede, woonplekke – wat saam met skerp omlynde oop ruimtes, kragtige toegang en natuurlike rande 'n betekenisvolle geheel weef. Dit is die deel van die stad wat die beste bewaar en onderhou is, waar ouer plekke eerder herbruik as vervang word.

Afgesien van die geboue uit die ZAR-era word die internasionale strewes van die twintigste eeu verteenwoordig in plekke wat die Brasilië-skool, die tuisgemaakte Deco en die Moderne najaag. Die gebied word gekenmerk deur 'n wisselwerkende en samehangende beeld.

Die noordoostelike kwadrant bevat elemente wat 'n stewige en onmiskenbare bydrae tot die bekende en die projekteerde omgewing maak – of hulle nou van besondere historiese of argitektoniese belang is of nie. Dit is juis binne die plaaslike realiteit en droom waar die sleutel tot die kwaliteit van enige omgewing te vinde is, en nie slegs in die modeboeke van wêreldstrewes en -style, of ouderdom nie.

Die gebied is opmerklik minder dig en minder doelgerig bebou as die deel van die middestad net suid daarvan oorkant Kerkstraat. Dit is die gevolg van die natuurlike of gedwonge groei suidoos, die metodiese

verwydering van mense wat eens bepalend vir die plekgees was, die verwydering van hulle geboue of die redes vir geboue in die gebied, en die sigbaar onbeplande hernuwing en heropbouing van die stedelike weefsel. Groot oop plekke, dikwels in onbruik of tydelike gebruik, wissel in teenstelling en sonder rede met skielik hoë, groot en belangrike strukture af. Hier kom geboue uit alle eras van die stad se geskiedenis voor, maar nêrens word 'n koherente beeld van enige van hierdie tydperke geskep nie. Die stedelike, historiese, argitektoniese, en sosiale kontekste is uittand gelaat met die gevolg dat die oorheersende indruk een van stedelike *laissez faire* is. Al hierdie beteken nie dat die deel van die stad dood en in onbruik lê nie. Veral informele handel is besig om die verbinding tussen Boomstraat an Kerkstraat te herknoop, dit ten spyte van die werklik swak toestande van sypaadjies en die gebrek aan beskerming teen die elemente in die gebied.

In die noordwestelike kwadrant meng voorstedelike elemente met die eg stedelike en manifestasies van die burokratiese met die kommersiële. Geboue uit alle fases van die stad se groei kom voor, en is 'n aanduiding van potensiaal én kompleksiteit, maar word ondergrawe deur die grootste konsentrasie van oop erwe in die middestad. Hierdie leemtes ontnem die kwadrant van 'n stewige struktuur en saambindende elemente. Groot ontwikkelings en waardevolle geboue word begrens deur onverbetere erwe, wat nie net visueel afbreek doen nie, maar ook die stad funksioneel en ekonomies benadeel. Die langtermyninvloed van hierdie vervangingsvertraging is leesbaar in die geboue, waar onderhoud en opknapping dikwels agterweë gelaat is.

Die handel en verkeer van Marabastad is 'n bate vir die gebied en stimuleer veral die noorde van die kwadrant. Hierdie kontak is essensieel vir die voortbestaan van die waardevolle elemente hierlangs. Meer belangrik is dat dit 'n sinvolle aansluiting met die sentrale middestad moet vind, 'n proses wat die onderbroke groei van die kwadrant weer momentum kan gee.

Die sterkste enkele faktore in die noordelike gedeelte van die middestad bly die natuurlike. Mens bly deurentyd bewus van die heuwelrif en die topografie met die resulterende sluiting van vistas en die skepping van stedelike plek, en dit ten spyte daarvan dat die stad se eenrigtingstrate dikwels hulle rûe soontoe keer. Mens bly heeltyd bewus van die belang van twee van die stad se mees afgeskepte, maar potensieel waardevolste elemente: die Apiesrivier maak hier 'n wye boog, arm die stad daarin en draai wes weg deur die dieretuin en verby; die Steenovenspruit loop noord om naby Belle Ombrestasie by die Apiesrivier aan te sluit. Moontlik is hierdie natuurlike kenmerke duidelike rigtingwysers vir die toekoms. As hulle na al die jare en al die miskening nog die sterkste karakterelemente bly, moet ook die toekomstige kwaliteit van die stad dalk in, om of deur hulle gesoek word.

Eienskappe van die suidwestelike kwadrant is die onsekere pogings tot stadmaak en onstuitbare verval. Toegange uit die suide en weste ontmoet die middestad op plekke waar dit wil voorkom asof paaie gemaak word totdat besluite geneem kan word. Die eerste indrukke word nêrens gewysig nie.


Oop ruimtes is selfs meer onaanvaarbaar as in die kwadrant noord van Kerkstraat omdat daar nie eens politieke redes vir hulle voorkoms bestaan nie. Groot dele is onbereikbaar afgekamp vanaf strate, strate wat nie stedelike ruimtes is nie, maar verbindings tussen punte buite die gebied. Veral Visagiestraat en die kleiner tussenstrate gaan mank aan wandlewe. Paul Krugerstraat, 'n deel van Bosmanstraat en die stadsaal op Pretoriusplein skaar hulle by die ooste; hiernaas vervaag die belang van die gebied en sy skakeling met Pretoria as geheel. Tog beskik hierdie kwadrant oor vele plekke wat gemaklik en ekonomies sinvol herbenut kan word.

Elemente

Plekke en geboue wat as goeie voorbeelde uit die verlede en rigtingwysers vir die toekoms beskou word, word op Figuur 5.2 aangedui. Die belangrikste groeperings kom op en om Kerkplein en in die suidelike helfte tussen Pretoriusplein, Burgerspark en die stasie voor. Ander is redelik reëlmatig deur die hele stad versprei.

Op die oog af is daar min plekke of groepe geboue wat van internasionale argitektoniese waarde is – dit het uit die studie duidelik geword. Hierdie opmerking is egter nie van deurslaggewende belang in die bepaling van die kwaliteit van die stad nie. Van groter betekenis is die enigheid daarvan, 'n enigheid bepaal deur 'n argitektoniese en stedelike stelling gebaseer op 'n eie stel waardes – kultureel en geografies – wat 'n ryk en artikuleerde vesel tot gevolg gehad het.

Pretoria had 'n goeie verlede en verdien 'n ewe goeie toekoms. 'n Dwingende raamwerk bestaan steeds. Identifiseer en aanvaar, bied dit al die riglyne vir die betekenisvolle invulling daarvan tot stad en hoofstad.



FIGUUR 5.1 Arseerde dele dui op waardevolle plekke en geboue in die middestad van Pretoria



FIGUUR 5.2 Plekke en geboue wat in die kortlys hierna by 6 of meer kriteria aangestip is, is arseer

5.2 DIE SUIDOOSTELIKE KWADRANT

Poskantoor


Kerkplein, erf 322



A E F H K L S T W

Poskantoor: Bank of Africa

Paleisstraat, Kerkplein, erf 274



A E F H K L S T W

Hooggeregshof: Paleis van Justisie

Kerkplein, erf 275, 276



A E F H K L S T W

Kantore: Ou Mutual-gebou

Kerkplein, erf 3025



A E F H K L S T W

Kantore: Prudential Assuransie


Kerkplein, erf 323



A E F H K L S T W

Staatsbiblioteek

Vermeulenstraat 239, erf 281/3



A E F H K L S T W

Deel van Openbare Biblioteek

Andriesstraat 163, erf 282/2



A E F H K L S T W

Café Riche

Kerkplein, erf 2991



A E F H K L S T W

Ou Nederlandse Bankgebou

Kerkplein, erf 2991



A E F H K L S T W

Poskantoor: Ou Staatsmunt

Kerkplein, erf 320



A E F H K L S T W

Sentrale Goewermentskantore

Vermeulenstraat 171, erf 271-274, 319-322



A E F H K L S T W

Reserwebank, Pretoria-tak

Kerkplein, erf 3025



A E F H K L S T W

Kantore: Ons Eerste Volksbank

Kerkplein, erf 279/1



A E F H K L S T W

Bankgebou: Eerste Nasionale Bank

Kerkstraat 206, erf 3077/R



A E F H K L S T W

Openbare Biblioteek

Vermeulenstraat, h/v Andries, erf 282/R



A E F H K L S T W

Bindery: Staatsbiblioteek

Andriesstraat 165, erf 282/4



A E F H K L S T W

Law Chambers

Kerkplein, erf 2991



A E F H K L S T W

Parkeergarage: Capitol Teater

Parlementstraat, Kerkplein, erf 2991




A E F H K L S T W

A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

TPA-Gebou

Pretoriusstraat, tussen Parlement- en Bosmanstraat, erf 2991



A E F H K L S T W

Bankgebou: Standard Bank

Paul Krugerstraat 238, erf 2801/R



A E F H K L S T W

Tudor Chambers

Kerkstraat 229, erf 367/3



A E F H K L S T W

Velrahuis

Bureaulaan 20, erf 368



A E F H K L S T W

Dion: Saxon Chambers

Kerkstraat 233, erf 367



A E F H K L S T W

Cuthberts Chambers

Kerkstraat 251, erf 371/10



A E F H K L S T W

Telkom Streekkantoor

Pretoriusstraat 296, erf 3341



A E F H K L S T W

Staatsteater

Kerkstraat 301, erf 2909/R



A E F H K L S T W

Eland House

Kerkstraat 387, erf 387



A E F H K L S T W

Ou Raadsaal

Kerkplein, erf 411, 412



A E F H K L S T W

Bankgebou: Perm

Pretoriusstraat 214, erf 3190



A E F H K L S T W

Rentbelgebou

Bureaulaan 14, erf 2745



A E F H K L S T W

Burlington House


Kerkstraat 235, erf 369/R



A E F H K L S T W

Koedoe-arkade

Pretoriusstraat 417, erf 417/R



A E F H K L S T W

OK Bazaars

Andriesstraat 210, erf 371/9



A E F H K L S T W

Strijdomplein Poskantoor


Andriesstraat 227, 229, erf 3341



A E F H K L S T W

Volskas-gebou


Pretoriusstraat 310, erf 2909/1



A E F H K L S T W

Palmview Mansions

Edwardstraat, erf 748/2



A E F H K L S T W

A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae tot straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

Savelkoul-gebou

Paul Krugerstraat 252, erf 461/1



A E F H K L S T W

Afrik House

Paul Krugerstraat 268, gedeelte van erf 461/6



A E F H K L S T W

Die Tremloodse


Van der Waltstraat 288, erf 3374



A E F H K L S T W

Colluseum-gebou

Schoemanstraat 410, erf 48/1



A E F H K L S T W

Edward Chambers

Paul Krugerstraat 336, erf 2727



A E F H K L S T W

St Alban's Katedraal


Schoemanstraat 327, erf 3094



A E F H K L S T W

Van Riebeeckgebou


Van der Waltstraat 311-323, erf 3096



A E F H K L S T W

Staats Model School


Van der Waltstraat 348, erf 617



A E F H K L S T W

Prospect House

Schoemanstraat 317, erf 571



A E F H K L S T W

Fatti's-gebou

Paul Krugerstraat 262, erf 461/2



A E F H K L S T W

St Andrews Prebyterian Church Pretoria

Schoemanstraat 286-294, erf 2824



A E F H K L S T W

E & T-Gebou

Prinsloostraat 285, deel van erf 3359



A E F H K L S T W

Laboria-gebou


Paul Krugerstraat, h/v Schoeman, erf 557-559



A E F H K L S T W

Amanda Centre


Schoemanstraat 245, erf 3095



A E F H K L S T W

Munro Chambers


Andriesstraat 330, erf 611



A E F H K L S T W

Ontvanger van Inkomstegebou

Van der Waltstraat 304, erf 569-570



A E F H K L S T W

Impalagebou


Schoemanstraat 341, erf 2851



A E F H K L S T W

Bauhaus


Andriesstraat 371, erf 658



A E F H K L S T W

A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

Eaton Hall Privaat Hotel
Visagiestraat 266, erf 2919




A E F H K L S T W

Samuel Pauwgebou (UNISA)
Van der Waltstraat 360, erf 3104




A E F H K L S T W

HV Bird-gebou en ander
Prinsloostraat 357, erf 670




A E F H K L S T W

Berrals
Du Toitstraat 365, erf 807/R/2




A E F H K L S T W

Transvaal Museum
Paul Krugerstraat 432, erf 713-715, 731-733



A E F H K L S T W

Laboratoriums
Visagiestraat 271, erf 721




A E F H K L S T W

Vrymesselaarslosie
Van der Waltstraat 424, erf 2752



A E F H K L S T W

Barton Keep
Jacob Maréstraat 218, erf 756




A E F H K L S T W

Kioskrestaurant
Burgerspark, erf 3139



A E F H K L S T W

Klein Teater
Skinnerstraat 287, erf 662/R



A E F H K L S T W

Hamilton Skool
Visagiestraat 328, erf 3345



A E F H K L S T W

First Church of Christ Scientist
Du Toitstraat 375, erf 2943




A E F H K L S T W

Lievaardtgebou
Du Toitstraat 388, erf 821/1, /4




A E F H K L S T W

Stellenberg Woonstelle
Andriesstraat 445, erf 3279




A E F H K L S T W

NG Kerk, Burgerspark
Visagiestraat 283, erf 2907




A E F H K L S T W

Generaal Pretoriusgebou
Paul Krugerstraat 484, erf 755



A E F H K L S T W

Orkesverhoog
Burgerspark, erf 3139



A E F H K L S T W


Opsigterswoning, Burgerspark
Jacob Maréstraat 290, erf 3139




A E F H K L S T W

A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae tot straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk


E & R-Gebou
Scheidingstraat 260, erf 3123




Lunanhuis
Van der Waltstraat 533, erf 796/R




Berea Mansions
Van der Waltstraat 550, erf 3231



Barryhof Woonstelle
Visagiestraat 389, erf 3131



Belgrave Hotel
Railwaystraat 22, erf 3178



Woonhuise
Jacob Maréstraat 305-309, erwe 780/1, /2, 781




Woonhuise
Tussen Read- en Rhodeslaan, erwe 801/R, /1, /2, /3, /4, 802/3, /4, /5, /R




Woonhuise
Tullekenstraat 11, 15 & 17, 19, 21 & 23, 27, erwe 2277, 2278, 2279, 2280, 2281




Buitegeboue, Melrosehuis
Scheidingstraat 274, 280, erf 793, 794




Melrosehuis
Jacob Maréstraat 275, erf 775, 776




Kangelani Woonstelle
Prinsloostraat, h/v Van Lennepstraat, erf 3129/1



Bereapark Klubhuis
Van der Waltstraat 600, erf 2375




Magasyn, Spoornet
Andriesstraat 596, erf 3180



Woonhuise
Jacob Maréstraat 343, 357, 359, erwe 784/2, 822/2, /3



Woonhuise
Tussen Rhodeslaan, Van der Walt- en Scheidingstraat, erwe 2570, 2571




A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

5.3 DIE NOORDOOSTELIKE KWADRANT

Nedbank

Andriesstraat 190, erf 327




Lewis & Marksgebou

Kerkstraat 322, erf 3357




Technikon hoofgebou

Kerkstraat 404, erf 1161




Technikon (Akademiese gebou)

Vermeulenstraat 405, erf 1161




Woonhuis

Proesstraat 228, erf 148/2




Instituut vir Opleiding

Proesstraat 332, erf 3060




Ongebruikte gebou

Bloedstraat 225, erf 22




Museum

Boomstraat, erf R/17




Skakelhuse

Boomstraat 294-6, erf 2060/1, /2, /R




Librigebou (Van Schaik)

Kerkstraat 268, erf 2896




Kynoch-gebou

Kerkstraat 336, erf 3357



Pierneefmuseum

Vermeulenstraat 220, erf 3261




Woonhuise

Vermeulenstraat 440-8, Proesstraat 431, 428,
Edwardstraat 120-40, erf 808/2, /4-/6, /8-/11


Koopkraggebou

Proesstraat 217, erf 3064




Jansenhuis

Strubenstraat 214, erf 62/R




Woonhuis

Boomstraat 229, erf 845/1




Woonhuis

Boomstraat 278, erf 2058/1



Woltemadegebou

Paul Krugerstraat 116, erf 3063/R



A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae tot straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

Duitse Klub

Paul Krugerstraat 114, erf 2760/R



A E F H K L S T W

Moskee

Queenstraat 51, erf 2682



A E F H K L S T W

Winkel


Prinsloostraat 126, erf 3232 (3295?)



A E F H K L S T W

Winkels


Prinsloostraat 1-13, erf 36/4 & /2



A E F H K L S T W

NH-kerk

Du Toitstraat 169, erf 3075



A E F H K L S T W

Riverdale


Huise en Uitleg



A E F H K L S T W

Ou Sinagoge

Paul Krugerstraat 70, erf 103



A E F H K L S T W

Munitoria

Van der Waltstraat 144, erf 3200



A E F H K L S T W

Winkels

Prinsloostraat 112, erf 355, 357, 359, 361



A E F H K L S T W

NHG-gebou

Du Toitstraat 396, erf 2678



A E F H K L S T W

Sinagoge

Doriasstraat, erf 20/7



A E F H K L S T W


A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

5.4 DIE NOORDWESTLIKE KWADRANT


Panagosgebou en ander
Paul Krugerstraat 51-3, erf 102/R, 102/4




Grootekerk
Bosmanstraat 153, erf 3071/R



Eendrachtsskool
Bosmanstraat 89, erf 3006




Mowbite
Proesstraat 102, erf 133/R




Moord- en Roof- en Voertuigtak
Kerkstraat 70, erf 309



Somerset House
Vermeulenstraat 186, erf 2999



Jeugsentrum
Vermeulenstraat 129, erf 3070




Woonhuise
Vermeulenstraat 33-47, erf 257/1, 257/2,
257/7, 257/R, 258/2




Hilda Mansions
Proesstraat 152, erf 3264




Grootkerk-gebou
Bosmanstraat 173, erf 3071/3




Ou Staatsdrukkery
Bosmanstraat 148, erf 1/218-222




Magasyn
Bosmanstraat 11, erf 3133




Capitol Tobacco Company
Potgieterstraat 181, erf 306/1




Krugerhuismuseum
Kerkstraat 60, erf 308/1



Telefoonsentrale
Vermeulenstraat 186, erf 2999




VSA-gebou
Vermeulenstraat 125, erf 267



Elimgebou
Proesstraat 181, erf 185/4



Boulevard Hotel
Strubenstraat 186, erf 3333



A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae tot straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

Pretoria Chinese Skool
Boomstraat 199, erf 841/R



A E F H K L S T W

Kantore
Boomstraat 111, 125, erf 831, 832




A E F H K L S T W

Woonhuis en werkswinkel
Boomstraat 177, erf 3134



A E F H K L S T W

Winkels
Boomstraat 33, 39, 51-5, 57, 73, 77, 99, erf
2562, 2773, 824/R, 825/R, 826/R, 3314




A E F H K L S T W


A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

5.5 DIE SUIDWESTLIKE KWADRANT


Gereformeerde Kerk Pretoria
Kerkstraat 59, erf 3220




Compolgebou
Pretoriusstraat 171, erf 457/R




Maritime House
Pretoriusstraat 258, erf 455




TOD-Streekkantoor
(oorspronklik De Westeind School)
Pretoriusstraat 52, erf 2982



Skool en TOD-Sentrum
Schoemanstraat 75, erf 2970




Cathedral of the Sacred Heart
Skinnerstraat 149, erf 2960




The Crack Padkafee, Restaurant en Diskoteek


Skinnerstraat 99, erf 640




Adventiciagebou
Visagiestraat 180, erf 692




Van der Stelgebou
Pretoriusstraat 179, erf 2718



De Volkstemgebou
Pretoriusstraat 159, erf 456




Raad vir Geestewetenskaplike Navorsing
Pretoriusstraat 134, erf 3242




Marchie Mansions
Schoemanstraat 133-137, erf 3091/R,
548/R, 549/1




Store
Schoemanstraat 84 en 86, erf 2597



Loreto Convent School
Skinnerstraat 105, erf 2923



Land- en Landboubank van Suid-Afrika:
Hannes Smithgebou
Visagiestraat 192, erf 693/R, 693/1 en deel van
3101




Munthuis
Visagiestraat 139, deel van erf 900-905,
909-912




A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk


Ou Suid-Afrikaanse Munt
Visagiestraat 105, deel van erf 900-905,
909-912




NZASM-Gebou
Minnaarstraat 187, erf 888, 889, 890




Dairy Mall
Jacob Maréstraat 149, erf 2833




Pretoria-tak: Land- en Landboubank van
Suid-Afrika
Paul Krugerstraat 357, erf 3101




Doeane- en Aksynsgebou
Bosmanstraat 291, erf 502




Ambulansdienste
Bosmanstraat 449, erf 913-914




Staatsgarage
Visagiestraat 81-95, erf 897-899, 906-908,
1104-1106, 1125-1127




Samewerkinggebou
Jacob Maréstraat 184, erf 894, 895, 896




Victoria Hotel
Scheidingstraat 200, erf 962




Stadsaal
Pretoriusplein, Paul Krugerstraat tussen
Bosman, Visagie en Minnaar, erf 877,
878/R, /1, 881/R, /1, 882/R, /1



HB Philipsgebou
Bosmanstraat 320, erf 551



Pretoria-stasie
Scheidingstraat tot hoek van Railway, deel
van erf R/170 (Stasiereserwe)



A:	Argitektoniese belang/stylbelang
E:	Ekonomiese belang en herbruikbaarheid
F:	Fisiese toestand goed of maklik herstelbaar
H:	Historiese belang deur assosiasie met persone of gebeure of deur ouderdom (ouer as 50 jaar)
K:	Kontekstuele belang tot straat of as deel van groep
L:	Landmerk visueel of binne gemeenskapsentiment
S:	Argitek/skepper van belang
T:	Tipologiese belang
W:	Sterk bydrae to straatwand wat strate of oop plekke perk, definieer en/of kenmerk

5.6 LYS VAN PLEKKE EN GEBOUE WAT VIR STATUTÊRE BESKERMING OORWEEG KAN WORD

Die volgende plekke beskik na ons mening oor kwaliteite om as bewaringswaardige elemente oorweeg te word. Dit beteken statutêre beskerming deur verklaring tot nasionale gedenkwaardigheid (Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede), stadsgedenkwaardigheid (Stadsraad van Pretoria) of plasing op die Nasionale Register.

Dit word voorgelê vir verdere ondersoek en optrede deur die betrokke instansies. Plekke wat met 'n asterisk (*) gemerk is, word reeds deur die huidige Wet op Nasionale Gedenkwaardighede beskerm. Di verwysing na elke inskrywing dui op die lystingsinligting in *Plekke en geboue van Pretoria*: volume- en bladsynommer.

- Poskantoor, Kerkplein, erf 322 (Volume I:Bladsy 61)
- Poskantoor: Ou Staatsmunt, Kerkplein, erf 320 (1:64)
- Poskantoor: Bank of Africa, Paleisstraat, Kerkplein, erf 274 (1:65)
- Sentrale Goewermentskantore, Vermeulenstraat 171, erf 271-274, 319-322 (I:66)
- Hooggeregshof: Paleis van Justisie, Kerkplein, erf 276 (1:66)
- Reserwebank, Pretoria-tak, Kerkplein, erf 3025 (1:67)
- Kantore: Ou Mutual-gebou, Kerkplein, erf 3025 (1:68)
- Kantore: Ons Eerste Volksbankgebou, Kerkplein, erf 279/1 (1:69)
- Bankgebou: Eerste Nasionale Bank, Kerkstraat 206, erf 3077/R (1:71)
- Café Riche, Kerkplein, erf 2991 (1:74)
- Law Chambers, Kerkplein, erf 2991 (1:75)
- Ou Nederlandse Bankgebou, Kerkplein, erf 2991 (1:75)
- Parkeergarage: Capitol Teater, Parlementstraat, erf 2991 (1 :75)
- Bankgebou: Standard Bank, Paul Krugerstraat 238, erf 2801/R (1:78)
- Tudor Chambers, Kerkstraat 229, erf 367/3 (1:81)
- Burlington House, Kerkstraat 235, erf 369 (1:84)
- Dion: Saxon Chambers, Kerkstraat 233, erf 367 (1:85)
- Cuthberts Chambers, Kerkstraat 251, erf 371/10 (1:88)
- Fatti's-gebou, Paul Krugerstraat 262, erf 461/2 (1:100)
- Afrik House, Paul Krugerstraat 268, gedeelte van erf 461/6 (1:101)
- St Andrews Presbyterian Church Pretoria, Schoemanstraat 286-294, erf 2824 (1:102)
- Amanda Centre, Schoemanstraat 245, erf 3095 (1:110)
- St Albans Katedraal, Schoemanstraat 327, erf 3094 (1:110)
- Munro Chambers, Andriesstraat 330, erf 611 (1:111)
- Ontvanger van Inkomstegebou, Van der Waltstraat 304, erf 596-570 (1:114)
- * Staats Model School, Van der Waltstraat 348, erf 617 (1: 115)
- Klein Teater, Skinnerstraat 287, erf 662/R (1:123)
- * Hamilton Skool, Visagiestraat 328, erf 3345 (1:125)
- HV Bird-gebou en ander, Prinsloostraat 357, erf 670 (1:126)
- First Church of Christ Scientist, Du Toitstraat 375, erf 2943 (1:127)
- Transvaal Museum, Paul Krugerstraat 432, erf 713-715, 731-733 (1:130)
- Vrymesselaarslosie, Van der Waltstraat 424, erf 2752 (1:136)
- * Barton Keep, Jacob Maréstraat 218, erf 756 (1:139)
- * Orkesverhoog, Burgerspark, erf 3139 (1:143)
- * Kioskrestaurant, Burgerspark, erf 3139 (1:143)
- * Opsigterswoning, Burgerspark, Jacob Maréstraat 290, erf 3139 (1:144)
- Buitegeboue, Melrosehuis, Scheidingstraat 274, 280, erf 793, 794 (1:150)
- * Melrosehuis, Jacob Maréstraat 275, erf 775, 776 (1:152)
- Berea Mansions, Van der Waltstraat 550, erf 3231 (1:154)
- Bereapark Klubhuis, Van der Waltstraat 600, erf 2375 (1:163)
- Belgrave Hotel, Railwaystraat 22, erf 3178 (1:165)
- Magasyn, Spoornet, Andriesstraat 596, erf 3180 (1:170)
- Woonhuise, Tullekenstraat 11, 15 & 17, 19, 21 & 23, 27, erwe 2277, -8, -9, -80, -1 (1:167)
- Nedbank, Andriesstraat 190, erf 327 (2:7)
- Librigebou (Van Schaik), Kerkstraat 268, erf 2896 (2:8)
- Lewis en Marksgebou, Kerkstraat 322, erf 3357 (2:10)
- Technikon Hoofgebou, Kerkstraat 404, erf 1161 (2:12)

- * Pierneefmuseum, Vermeulenstraat 220, erf 3261 (2:15)
 Jansenhuis, Strubenstraat 214, erf 62/R (2:22)
 Woonhuis, Boomstraat 229, erf 845/1 (2:28)
- * Museum, Boomstraat, erf R/17 (2:28)
 Woonhuis, Boomstraat 278, erf 2058/1 (2:29)
 Ou Sinagoge, Paul Krugerstraat 70, erf 103 (2:32)
 Moskee, Queenstraat 51, erf 2682 (2:38)
 NHG-Gebou, Du Toitstraat 396, erf 2678 (2:46)
- * NH-Kerk, Du Toitstraat 169, erf 3075 (2:47)
 Sinagoge, Dorlasstraat, erf 20/7 (2:48)
 Panagosgebou en ander, Paul Krugerstraat 51-3, erf 102/R, 102/4 (2:65)
- * Grootekerk, Bosmanstraat 153, erf 3071/R (2:68)
- * Ou Staatsdrukkery, Bosmanstraat 148, erf 1/218-222 (2:69)
 Moord- en Roof- en Voertuigtak, Kerkstraat 70, erf 309 (2:29)
- * Krugerhuismuseum, Kerkstraat 60, erf 308/1 (2:80)
 Somerset House, Vermeulenstraat 186, erf 2999 (2:82)
 Woonhuise, Vermeulenstraat 33-47, erf 257/1, /2, /7, /R, 258/2 (2:84)
 Pretoria Chinese Skool, Boomstraat 111, 125, erf 831, 832 (2:96)
 Woonhuis en werkswinkel, Boomstraat 177, erf 3134 (2:97)
- * Gereformeerde Kerk Pretoria, Kerkstraat 59, erf 3220 (3:6)
 Compolgebou, Pretoriusstraat 171, erf 457/R (3:9)
- * De Volkstemgebou, Pretoriusstraat 159, erf 456 (3:10)
 Maritime House, Pretoriusstraat 258, erf 455 (3:11)
 Marchie Mansions, Schoemanstraat 133-137, erf 3091/R. 548/R. 549/1 (3:15)
 Cathedral of the Sacred Heart, Skinnerstraat 149, erf 2960 (3:17)
 Munthuis, Visagiestraat 139, deel van erf 900-905, 909-912 (3:22)
 Victoria Hotel, Scheidingstraat 200, erf 962 (3:27)
 Pretoria-tak: Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Paul Krugerstraat 357, erf 3101 (3:30)
 Stadsaal, Pretoriusplein, Paul Krugerstraat, erf 877, 878/R. /1, 881/R, /1. 882/R. /1 (3:31)
 Doeane- en Aksynsgebou, Bosmanstraat 291, erf 502 (3:35)
 Ambulansdienste, Bosmanstraat 449, erf 913-914 (3:36)

6 ESSAYS

6.1 PRETORIA: SUIDWESTELIKE KWADRANT - GERRIT JORDAAN

Gerrit Jordaan verwerf grade in Boukunde en Argitektuur aan UPE en 'n Meestersgraad in Stadsontwerp aan Wits. Hy is verbonde aan die firma Holm + Jordaan + Holm, argitekte en stadsontwerpers, wat nou betrokke is by bewaring en die stadsomgewing.

Stadskonteks en historiese agtergrond

Die suidwestelike kwadrant word gekenmerk as oorwegend staatsinstansies, stadsraadsdienste en diensnywerhede. Met die nabyheid van die stasie en die goederewerf skep dit 'n baie sterk nywerheidsgerigte atmosfeer en karakter. Die staatsgerigte karakter van hierdie kwadrant begin selfs by Kerkplein waar die suidwestelike hoek uitsluitlik staats- en provinsiale instellings bevat. Min behuising kom in hierdie kwadrant voor en die naglewe is beperk tot 'n paar nagklubs en restaurante. Die plasing van die stadsaal met Pretoriusplein en die staats- en semi-staatsgeboue daarom verskaf aan hierdie kwadrant saam met die stasie 'n mate van statigheid langs Paul Krugerstraat. Hierdie karakter verander baie vinnig na industrieel en diensnywerhede. Met die “skoonmaak” vir die Skinnerstraatpadskema is dit duidelik dat die suidelike gedeelte van hierdie kwadrant in die toekoms permanent vanaf die sentrale gedeelte afgesny sal wees.

Plekstruktuur

Die plekstruktuur word deur Paul Krugerstraat, Kerkstraat, Steenovenspruit en die spoorwerf langs Salvokop *begrens*. Spoorwegeiendomme modifiseer die ruit in 'n mindere mate maar die rand wat daardeur geskep word en die beperkte interfase het 'n groter invloed op die perseptuele aspek as op die stadsorde. Steenovenspruit as *natuurlike grens* van hierdie kwadrant is totaal en al verswelg deur ontwikkelings van Prinsepark en die Elektrisiteitsafdeling se werksinkels.

Hierdie kwadrant se *domain* bestaan soos die res van Pretoria Sentraal uit 'n reghoekige ruitpatroon. Die ruitpatroon is egter onvoltooid gelaat waar dit die spoorwegeiendomme bereik. Teen die suide van hierdie kwadrant was daar, behalwe vir die spoorwegreserwes, baie min topografiese vereistes wat die ruit kon modifiseer.

Weens die beperkte toeganklikheid in hierdie domein veral vanaf die suide is die stadsruit baie verwing om toeganklikheid te verhoog langs Potgieter- en Schubartstraat. Met die ontwikkeling van Skinnerstraat is dit baie duidelik dat die stadsorde met die growwer greinpaai versnipper word.

Wat die breë karakter van hierdie domein betref word dit oorwegend ervaar as 'n plek vir aankoms of dienste wat gelewer word hetsy industrieel of deur staatsinstellings. Die Pretoriusplein en Stadsaal verskaf egter 'n groot mate van statigheid. Dit skep ook 'n suksesvolle skakel met die suidoostelike kwadrant deur middel van die aksiale verwantskap tussen die Stadsaal en die Transvaal Museum.

Wat *sentrums* betref is die meeste staatsgerig. Die Landdroskantore, RGN sowel as die Ou Munt (wat nou die Nuwe Kultuurhistoriese Museum gaan word) is daar nie groot sentrums wat duidelik uitstaan in die kwadrant nie. Meeste van die sentrums is plaaslik van aard en staats- of semi-staats gebonde. Sentrums soos die Dairy Mall het slegs plaaslike invloed omdat dit oorwegend staat maak op pendelaarbeweging.

Wat *landmerk* betref is die Stadsaal, Landdroskantoor en RGN seker die mees uitstaande. Met die Provinsiale Administrasiegebou word mens meer bewus gemaak van die pleinomgewing as van die kwadrant self. Ander landmerke soos Verdedigingshoofkwartier en die Nuwe Tronk word slegs in die verbygaan ervaar. Die verwantskap met die straat is egter totaal vernietig in die geval van die Verdedigingshoofkwartier. Die aksialiteit en toeganklikheid na hierdie gebou is vir alle praktiese doeleindes vernietig.

Die Stadsaal as landmerk kom baie goed tot sy reg op Pretoriusplein.

Die *skakels* in hierdie kwadrant is soos in die ander kwadrante deur middel van soomontwikkelings langs Paul Kruger- en Kerkstraat, poorte teen die suide en minimale skakels oor die Steenovenspruit teen die weste. Die mees prominente en belangrikste skakel is die Potgieterstraatingang wat aansluit by die Ben Schoemansnelweg. Weens die padverbredings en brûe wat geskep is, is hierdie skakel visueel prominent.

Die gebrek aan skakels na die suide en weste het uit die aard van die saak die ontwikkelingspotensiaal langs hierdie twee grense gestrem.

Meeste van die oos-wes *roetes* is deurlopend, terwyl die noord-suid roetes uiters beperk is. Die gebrek aan deurlopendheid het 'n direkte invloed op die ontwikkeling van die kwadrant weens die stremming van die toeganklikheid.

Stadsruimtes

Pleine en oop ruimtes

Die enigste pleine en oop ruimtes wat werklik leesbaar is, is Pretoriusplein, Kerkplein en die Stasieplein. Die ander oop ruimtes soos by die RGN-gebou bestaan hoofsaaklik uit 'n gemodifiseerde straatwand. By die Landroskantoor is die stadsruimtes totaal ingesluit weens die sekuriteit en daarom is die straatwand interfasie met die gebou baie beperkend. Ander stadsruimtes in hierdie kwadrant is oorwegend swak ontwikkel (soos by Bosmanstraatstasie).

Verder is die straatwand interfasie en straatruimtes in hierdie kwadrant baie divers. Vanaf Paul Kruger- tot by Schubartstraat is die straatwand definisie intens, kanaalvormig en 'n positief. Vanaf Schubartstraat word die straatwand definisie divers en by plekke selfs totaal gebroke.

Die Skinnerstraat "niemandslaan" versnipper die noord- en suidstraatrandkontinuiteit totaal. In die noord-suid rigting is die straatwand definisie baie duidelik homogeen en positief tot by Skinnerstraat waarna 'n meer diverse straatdefinisie ontstaan, behalwe by Paul Krugerstraat.

Natuur en oop ruimtes

Die enigste natuurgerigte oop ruimtes in hierdie kwadrant is Steenovenspruit en Pretoriusplein. Pretoriusplein se natuurkomponent is relatief min terwyl die Prinseparkontwikkeling langs Steenovenspruit vir alle praktiese doeleindes vernietig is. Alhoewel die Steenovenspruit gedeeltelik boomryk is, is daar geen sprake van bruikbare oop ruimtes nie.

Die boomstruktuur langs die strate bestaan in sekere strate soos Bosman-, Visagie- en Schubartstraat nog. Die ander strate kom egter baie hard voor met baie min beplanting. Daar is wel sekere uitsigte vanaf hierdie kwadrant wat die rante in direkte visuele kontak met die kwadrant plaas.

Gevolgtrekkings

Behalwe vir die Skinnerstraatdeurpadskeema en ander padverbredings is daar baie min grootskaalse planne in hierdie kwadrant. Die moontlike toekomstige stasieprojek sal wel die suidelike rand van hierdie kwadrant aanspreek. Alle onlangse ontwikkelings in hierdie kwadrant was grotendeels staatingrypings of nuwe stadsinstellings. Met die ontwikkeling van die museumkomponent bleik dit of hierdie tendens sal voortduur. 'n Doelgerigte poging sal aangewend moet word om die Westelike kwadrante van Pretoria sentraal sinvol met Pretoria-Wes te skakel. Alhoewel Pretoria nog steeds in die toekoms na die ooste sal neig, is daar, op stedelike skaal, min insprirerende aksies wat die westelike kwadrant van Pretoria aanspreek.

Met die groot hoeveelheid spoor- en padverbindinge na hierdie kwadrant sal die diens- en nywerheidskomponent hoog bly. Die grootste enkele gebrek in hierdie kwadrant is die gebrek aan visie om die westelike gedeelte van Pretoria effektief te probeer ontwikkel. Dit bleik asof slegs deurpaaie geskep word sonder om die toeganklikheid op plaaslike vlak te verhoog.

15 Februarie 1993

6.2 PRETORIA SE WONDE UIT DIE 'TOTALE AANSLAG' - MAURITZ NAUDÉ

Maurits Naudé het aan die Universiteit van Pretoria en die Witwatersrand studeer in Argeologie, Kunstgeskiedenis, Museumkunde en Bewaring. Hy is verbonde aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, is nou betrokke by bewaring en spesialiseer in omgewingsinvloedbestuur.

Dat Pretoria 'n hoofstad is, is nêrens meer duidelik as in die suidwestelike kwadrant van die stad nie. Moontlik sal hierdie deel, in die geskiedenis, met 'n sekere era geassosieer word. Dalk het dit 'n eie geskiedenis geskep. Hier het stedelike beplanning finaal gestaak voor die magte van die "totale aanslag". Die masjien wat Suid-Afrika vir 20 jaar gedryf het, se letsels is veral in hierdie deel van die stad te sien. As ons ooit gedink het dat swak stedelike beplanning 'n stad kan skade berokken dan was die totale aanslag se skade veel groter. In die kern van die stad het dit gesorg vir konsentrasies van blokhuse met gewapende wachte en rolle lemmetjiesdraad terwyl die suidelike stadsuitgange al die gekamoefleerde geboue met mekaar verbind het. Terselfdertyd is die stad gesteriliseer deur groot ruimtes wat uiteindelik weer met doringdraad ingeperk is.

Pretoria word geassosieer met die regering, die "regime", regime-geboue, of 'n kombuis vir blankheid en onverstoerbaarheid. Enige besoeker sou dit hier aan sy bas voel. Heel moontlik is dit ook waarom buitelandse toeriste nie die stad wil besoek nie, nog minder 'n dag hier spandeer en beslis nie oornag nie. Wat is hierdie afstootlikheid wat selfs 'n Stadsraad laat terugdeins vir die suidweste?

Kerkplein vat dit nie heeltemal vas nie, en ook die Uniegebou is te oop geleë, daar is heeltemal te veel tuine, dalk te skoon, amper rein, te na aan die hemel, só korek. Soek die ervaring van regime en staatsse stompheid in die suidweste. Ontdek die stoetsheid van staatsheid. Die hoofkantore van soveel staatsdepartemente lê in 'n geheimsinnige stilte en skuil in die veiligheid van dubbeldik mure, agter soortgelyke deure en dikwels swaar vensters: 'n Departement van Verwarring, 'n Departement vir Grensdiens – nou Spooknet, Departement van Traliediens en tot Weersiens en die Departement vir Bou om te Hou. Die Hoofkwartiere is amper saam-saam opgeblaas waar hulle agter oranje staats-gordyne gebukkend na denkbeeldige vyande gemik het. Alle ammunisie was skerp. Toe die bom ontplof, het dit glas gehaal en die gordyne tot onder gefladder. Hulle kantore – soos regop raspers in Kerkstraat. Hier pols fermheid nog sterk en kragtig. Hoë geboue, in die kern, val regaf tot op die sypaadjies en op die rand daarvan is groot komplekse met afskriklike mure, hekke en dubbel doringdraadheining. Hier is geen uitsig nie – net afkyk – die kop laat sak om jou voete raak te sien. 'n Finale aanslag op mense om nie hulle koppe hoog te hou nie. Hier moet jy "WELKOM" tussen jou kniekoppe deur lees. Die hoogste punte in die kwadrant skep die verwagting van iets groots in 'n plek wat so graag 'n hoofstad wil wees, maar voortdurend deur sy eie deurmaat val wanneer die potensiaal oopgaan.

Die stoere omheining en wachte staan op die stoepe en straatskouers – hou vir ewig wag. Wie wil deesdae die staatsdiens steel? Die staatsmasjien word soos 'n duur stoetery opgepas deur agente met drome oor 'n beesplaas waar lewendige ammunisie gebruik kan word.

Hier is die stad se lyf styf, sy mondhoeke hang en is sy wange gekeep, soos 'n ou foto. Noem dit eerder 'n portret, soos die ouma en oupa wat destyds properlies opgestel is om gekiek te word – turend in die lens. Nie om iets te sien nie, nog minder om dit waarna hulk kyk te begryp, regtig nie om te ontspan nie. Om te poseer was 'n ernstige besigheid. Lag was teen die reëls. Dit is die reëls wat Pretoria sy stoere hoofstadheid gee. 'n Stoet van die statige ou soort. Geboue poseer in rye teen mekaar, styf en dig, sommer opmekaar. Stugge vensters kyk uit haaks fasades na elders en oop kelders. Of dit oud of nuut is – dit bly dieselfde. Almal kyk uit 'n roetine van doodsheid na die lewe op straat asof dit iets aan die gestapelde leërs en red tape begraaflaas moet doen. Al is dit net 'n belofte van nuwe sonlig en vars lug.

Schubertstraat is 'n onvriendelike uitgang na die suide, na Voortrekkerhoogte, ons eie meer mag voorstad. Potgieterstraat is 'n totale aanslag op die stad. Dit was onvermydelik dat die geheime nisse van alles wat langs hierdie roete vervoer was oopgekrap sou word. Die stad se ingenieurs het dit meedoënloos oopgestoot. Wie was hiervoor verantwoordelik: die Staat of die stadsingenieurs? Was dit in landsbelang, stadsbelang, eie belang of sal die antwoord ook in die epidemie van politieke amnesia verdwyn? Miskien was dit beplan as 'n landingstrook vir UNTAG indien die stad beleër sou word! Pretoria se slagaar na die magtige suide: Leër, Lugmag, Vloot en Korrektiewe Dienste. Vir jare het gesneuweldes en beperktes hierlangs die stad verheerlik. Alles die oorlog en die vyand so skuld – helde uit die "Total Onslaught" era. Nou is dit elke spitstyd 'n stoet. Stoete van staalridders, jeep gigolos en die korthaarkliek. Aan die bopunt van die boulevard, versteek agter stom stene, lê 'n geel gevangenis. 'n Hipermark vir korrektiewe werk waar jy fyn dopgehou

word, die Staat se eie Stopright(here) Checkers.

Die hoofkantoor van die Provinsiale Administrasie besban 'n hele blok en het feitlik 'n teater ingesluk. Staal met glas – Pretoria se eerste wolkekrabber – met beeldhouwerke vereer. Een van die eerste hoogtepunte aan hierdie kant van die stad. Daar kom selfs 'n lappie gras voor. Die Capitol huiwer nog op die rand van sloop langs drie heuglike tydings wat betyds gered is. Hier is dit nooit onrustig nie. Die stoïsynse kern van die stad probeer selfbeheersing projekteer, onverstoorbaar soos 'n brons bul. Rock en Roll sou nooit in dié deel van die stad ontstaan het nie, ook nie oorleef het nie. Selfs The Crack bars om 'n statement te maak op die grense van statigheid, van blokke sonder balkonne, stoeploos en kluiserig. Monumentale geboue squat elkeen op sy eie erf: die Staatsgarage, die Ou Munt, die Stadsaal en Transvaal Museum. Miskien kan jy die ingange vind. Van binne is die uitgange in pendoringe verander. Gemuf en gestof tot in elke hoekie en al die plekke waar 'n asmapompie as standaard kantoortoerusting verwag kan word.

Helaas, hier is ook van die rykste holtes in die stad. 'n Sekere stabiliteit, miskien eerder 'n onveranderlikheid bly 'n mens by wanneer jy van die stasie met Paul Krugerstraat wegstap. Die stasie lê aan die bopunt. Dis nog vanaf Kerkplein sigbaar. Beslis nie iets om op die plein te waardeer nie. Nie juis 'n gesellige roete nie, maar nogtans moet alleen gestap word. Hier is dit veilig want geen takke sal op jou kop val nie, geen voël op jou kom sit nie, en geen skaduwee sal jou bedek nie. In die belang van stadsveiligheid is hier geen boeme langs die straat nie – seker om te keer dat geheime sluipskutters op die staatsgeboue skiet. Waardering vir die straat kom eers by die geraamte-museum op. Teenoor die museum en die stadsaal ervaar jy iets Europees. Hier kan iets van 'n boulevard ontdek word, as jy skerp genoeg is, dalk met oë gebore is en jou rasonale en laterale lobbe nog intakt is ná die stad se voortdurende skokbehandeling op jou. Hier is dit oop, waar die bedreiging van toegeboudheid moes voortgaan. Skielik sien jy Kerkplein met 'n ou monument aan die onderent van die afdraende. (Het iemand se versierendheid en visie dalk verder as een straatblok gestrek?) Nou kry jy hoop vir die ou gees van die stad. Nie antiek nie, net meer tydloos. In die lente loop die stad se gebooi hier. Net na die eerste donderstorm stroom dit oor die plaveisel, die sypaadjie, langs die straat af, in jou gesig, jou hare, jou neus en kan jy in die rondte draai sonder om 'n winkelvenster te breek, van die randsteen af te stap of die blinde boemelaar, roomyskarretjies of koerantverkoper raak to klap en terselfdertyd 'n aantal verbygangers die harnas in te jaag. Hier is sowaar nog ruimte!

Die Staat konsolideer, rasionaliseer en sleur nou tot 'n nuwe orde. Met delegering van magte sal die vakuum nou deur die stedelike beplanners, ontwikkelaars en die werksoekende entrepreneurs gevul word. Die totale aanslag (hoofstuk twee) het aangebreek: die stad konsolideer, rasionaliseer en skeur tot 'n nuwe orde. Alom sigbaar en so welkom – die Skinnerstraat Skeur (SS) of die “Skinner Street Scar (SSS)”. Miskien is dit die nuwe Suid-Afrika, die nuwe Pretoria of die eerste Tolstad. 'n Reuse skeur is stadigaan besig om in die stadstuk te verskyn. Kimberley het 'n gat, Pretoria het Die Pad – die moeder van alle stedelike ontwerpe wat die stadsmuur met die Hartebeespoortdam moet verbind. Uiteindelik is alle verkeersprobleem in die stad opgelos, almal het toegang tot water, Kerkplein is gered en daar is nuwe lewe in die middestad. Hier word elke mensplek as 'n probleempunt beskou. In die begin was hier gebou om te hou, nou word hier net uitgeroei en gebou. Alles skuld van die ou stad se nuwe gode 'Stoot' en 'Skrapeer': omstoot, wegstoot en afstoot – bloedverwante van 'Cater' en 'Pillar'. Wie kan teen sulke gode protesteer en dan hoop om hulle tientalle goedbesoldigde dissipels te oortuig dat sloop en nuwe paaie nie altyd die stad goed doen nie.

Hier is weinig sentrale punte. Net 'n dertigtal straatblokke en 'n eenvormige ruitnet. 'n Vorige dorpsraad se maklike strategie: reguit van links na regs, dan kan almal wat van bo na onder loop mos nie verdwaal nie. Elke hoek meetkundig perfek. Daardie alewige reghoek, so uit die tekste van die kortpadbybel oor die minste moeite, hoe om nooit verkeerd te beplan nie en hoe om nooit pad te vra nie. Om pad te vra is soos om verwagtinge te skep, meer vrae uit te lok en uiteindelik alles wat goddeloos is los te laat. 'n Swenk in die straat is soos 'n ronde randsteen – pure sensualiteit. Verleiding op die pad en 'n suggestie van jol op die smalle weg. Die deel van die stad met die ruitnetste strate.

In 'n donker kol gloei 'n AVIS-teken reusagtig en goedbedoeld Rooi. Is dit 'n hoofkantoor, skuilkantoor, 'n oplaai- of 'n aflaaiplek – beslis 'n plek waar gehuur en verhuur word. In die nag is dit onrustig stil want geen naglewe of beweging roer in die kol nie. Die RGN-gebou lê wulps op haar ronding voor die Polisie-hoofkantoor en landdroshof. In naakte pienke sonder 'n boom of enige blaarbedekking voor die gedenkwaardige ingang. Miskien lê die finale aanslag hier – sekerlik die mees simboliese plek in die stad. Hoe durf so-iets in die hart van sekerheid, sekuriteit en onsekerheid toegelaat word? Dit is 'n blatante uitnodiging tot konflik tussen reg en geregtigheid, tussen reg en slag – mag teen mag. Om stil te bly en binne die wet te vlei teenoor die geesteswetenskaplike wolkerigheid en al daardie onnodige bevraagtekening. Nog nooit was Pretoria se stadsgees van wet, orde, mag, geheimhouding, geslotenheid en verstoktheid so verlei

en uitgekoggel as juis op dié plek nie.

As Pretoria nog 'n hoofstad bly sal die doringdraad, lemmetjiesdraad, jakkalsproef, wildomheining, Sinoville-omheinings en al die tuisgemaakte skeppings seker nog 'n geruime eeu met ons bly. Dit sal die stad soveel veiliger laat voel en die moontlikheid van toerisme soveel verbeter. Sal hierdie kwadrant soos die ander dele wat wes van Kerkplein geleë is ooit weer enige menswaardigheid kry, sal enigeen ooit hier kom loop sonder om oor sy skouer te kyk? Miskien moet dit oorgelaat word aan die padvervoer-entrepreneurs – nog 'n deurpad, wat van 'n brug of twee, beslis 'n paar vulstasies. Die laaste aanslag – 'Viva le Transport'!

15 Februarie 1993

7 GERAADPLEEGDE BRONNE

- ALLEN, V. 1971. *Kruger's Pretoria*. Cape Town: Balkema.
- ANDREWS, T. & Ploeger, J. 1989. *Straat- en plekname van ou-Pretoria*. Pretoria: Van Schaik.
- BASSET, B. 1982. *Cataloguing and conservation in Pietermaritzburg*. Cape Town: NMC.
- BASSET, B. 1985. *Conservation and development in Pietermaritzburg*. Pietermaritzburg: NMC.
- BEYERS, C.J. 1987. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Volume 5. Pretoria: RGN.
- CAPE Institute of Architecture. 1978. *The buildings of Central Cape Town*, 3 volumes. Cape Town.
- CITY of Melbourne. 1985. *Urban conservation in the City of Melbourne*. Melbourne.
- DE JONG, R.C., Van Der Waal, G-M., Heydenrych, D.M. 1988. *NZASM 100*. Pretoria: HSRC.
- DE KOCK, W.J. 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Volume 1. Kaapstad: RGN.
- DE KOCK, W.J. 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Volume 2. Kaapstad: RGN.
- DUNSTON, L. 1975. *Young Pretoria 1889-1913*. Pretoria.
- FRANSEN, H. 1981. *Drie eeue kuns in Suid-Afrika*. Pietermaritzburg: Anreith.
- GREIG, D. 1971. *A guide to architecture h South Africa*. Cape Town: Howard Timmens.
- HARROP-ALLIN, C. 1975. *Norman Eaton architect*. Cape Town: Struik.
- HARTDEGEN, P. 1988. *Our building heritage*. Ryll's: Halfway House.
- KEARNEY, B. 1984. *A revised listing of the important places and buildings in Durban*. Durban: City Council.
- KRÜGER, D.W. 1977. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Volume 3. Kaapstad: Tafelberg
- KUIJERS, A. & Smit, D.M. 1985. *Pretoria 'n oorsiglye van geboue in die binnestad en ander kontrolelyste*. Potchefstroom: Departement Kunstgeskiedenis PU vir CHO.
- LE ROUX, S.W. 1990. *Plekke en geboue van Pretoria*, Volume 1. Pretoria: PAV.
- LE ROUX, S.W. 1991. *Plekke en geboue van Pretoria*, Volume 2. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.
- LE ROUX, S.W. & Holm, D. 1989. Die onderbroke stad. *Argitektuur SA*, Mei/Junie 1989: 30-1, 34.
- MEIRING, H. 1980. *Pretoria 125*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- MUSGROVE, J. 1987. *Sir Banister Fletcher's a history of architecture*. Nineteenth edition. London: Butterworths.
- NATION, S. 1985. *The background, architectural philosophy and work of Hellmut Wilhelm Ernst Stauch*. M Arch-dissertation. Univ of Pretoria.
- NATIONAL Trust for historic preservation. 1976. *A guide to delineating edges of historic districts*. Washington: Preservation Press.
- OSTROWSKI, W. s.a. *Historic areas in city planning present trends*. Paris: Centre de Recherche d'Urbanisme.
- PICTON-SEYMOUR, D. 1977. *Victorian buildings in South Africa*. Cape Town: Balkema.
- PICTON-SEYMOUR, D. 1989. *Historical buildings in South Africa*. Cape Town: Struikhof.
- PIETERMARITZBURG City Council. 1986. *The buildings of Pietermaritzburg*. Pietermaritzburg.
- PONT, A.D. 1965. *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Heidelberg 1865-1965*. Heidelberg: N H Kerk.
- STADSRAAD van Pretoria. 1952. *Eeufees-album Pretoria se eerste eeu in beeld*. Pretoria: Van Schaik.
- STADSRAAD van Pretoria. 1991. *Pretoria Kultuurroete: stadschemroete*. Brosjyre.
- VAN DER WAAL, G-M. 1981. Enkele riglynvoorstelle vir die identifisering en lysing van betekenisvolle elemente in die mensgemaakte omgewing. *Restorica*, no 10: 33-40.
- WALKER, C.J.M. s.a. *Encyclopedia on South African architects*. Unpublished manuscript.

ARGITEKFIRMAS

- Brink Stokes Marais & Moolman
- Burg Doherty Bryant & Vennote
- Daneel Smit & Vennote
- Johan de Ridder
- Indusplan
- Interplan
- KWP Argitekthe
- Meiring Van der Lecq Thomas en Ronga
- Samuel Pauw Argitekthe
- C B Swanepoel
- Stauch Voster
- Studio 3
- Vennootskap Jan Van Wijk
- Francois Viljoen en Meuwissen

NAVORSERS

- A Erasmus, Gereformeerde Kerk Pretoria
- A Lichtenburg, Steynbergmuseum
- M Naudé, Nasionale en Kultuurhistoriese Museum
- M Slabbert, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
- T van der Merwe, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede

EN

- Land- en Landboubank van Suid-Afrika
- Laäs Döman & Vennote, Prokureurs
- Norman en Sigle, Bourekenaars
- Sitrusbeurs van Suid-Afrika
- Stadsraad van Pretoria: Parke en Ontspanning en Planafdeling
- TOD, Noord-Transvaalse Streekkantoor

ISBN 0-620-17387-4